Wes-Kaapse
Regering

Maatskaplike Ontwikkeling

# Jaarlikse Prestasieplan 2018/19

Wes-Kaapse Regering

Maatskaplike Ontwikkeling

BETER TESAME.

# JAARLIKSE PRESTASIEPLAN

## 2018/2019

---

# Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

**(Opgedateer insluitend die errata gedateer 25/05/2018)**

## VRYWARING

Die Engelse weergawe van hierdie Jaarlikse Prestasieplan word as die amptelike teks beskou. Die Departement aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige wanvertolkings wat gedurende die vertaalproses kon voorgekom het nie.

Hierdie Jaarlikse prestasieplan is saamgestel deur die Hoofdirektoraat: Sakebeplanning en -Strategie, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Om bykomende afskrifte van hierdie dokument te bekom, tree asseblief in verbinding met:

Die Departementshoof
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
Privaatsak X9112
Kaapstad
8000
Suid-Afrika

**Tel:** +27-21-483 5121
**E-pos:** Mishkaah.Sallies@westerncape.gov.za

**PR08/2018**
**ISBN: 978-0-621-46044-5**
**Titel van Publikasie:** Wes-Kaapse Regering Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Jaarlikse Prestasieplan 2018/2019

**TOLVRYE NOMMER: 0800 220 250** **WEBWERF:** http://www.westerncape.gov.za

# VOORWOORD

## Provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling

Toe ek aangestel is as Provinsiale Minister Vir Maatskaplike Ontwikkeling in 2011, was een van my sleuteldoelwitte om voort te gaan met die verbetering van die Departement ten opsigte van bestuursbeheer, leierskap en prestasie. Sedertien is daar aansienlike vordering gemaak en die 2018-2019-boekjaar sal die konsolidasie en uitbreiding van hierdie vordering ooreenkomstig ons grondwetlike, wetgewende en verkiesingsmandate weerspieël, soos in die provinsiale en departementele strategiese planne uiteengesit.

Terwyl ons konsekwent skoon oudits behaal (en ons uitstekende bestuursbeheerstelsels is kritieke merkers van die volgehoue verbetering van die leweringskapasiteit van die Departement), is 'n hooffokus van hierdie boekjaar om die nakoming aan die vereistes van die Ouditeur-generaal te oorskry ten einde ons diensleweringsinisiatiewe aansienlik te verbeter. As Provinsiale Minister, is ek 'n onverskonende ondersteuner van innovasie wat dienslewering vir behoeftiges verbeter. Alhoewel daar dikwels byna 'n inherente en dinamiese spanning tussen nakoming en diensleweringsinnovasie bestaan, is ek vasbeslote om as kampvegter vir hierdie aangeleentheid op te tree.

Ek is egter bewus daarvan dat 'n fokus op verbeterde dienslewering en innovasie bemiddel word deur die voortgesette uitdaging om ons finansiële en mensehulpbronne meer doeltreffend aan te wend. Laasgenoemde is belangrik in 'n klimaat van strenger ekonomiese en begrotingsbeperkings.

Ons gaan dus voort om ons organisatoriese omgewing te hersien, veral ten opsigte van ons bestuurstelsels, wat op hulle beurt seker maak dat ons hulpbronne geprioritiseer word om ons kernfunksies uit te voer soos deur die Kinderwet, die Wet op Geregtigheid vir Kinders, Die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik en die Wet op Ouer Persone bepaal word.

Die Departement gaan steeds voort om die akkuraatheid en bruikbaarheid van sy prestasie-inligting te verseker. 'n Belangrike komponent van hierdie poging sal wees om akkurate prestasiedata vanaf meer as 2 000 uitbestede organisasies sonder winsoogmerk (OSW's), 43 plaaslike diensleweringskantore, en 'n reeks departementeelbestuurde residensiële fasiliteite vir kinders en volwassenes te bekom.

Onderwyl verhoudings tussen die Departement en ons OSW-vennote belangrik vir ons diensleweringsfokus is, sal die Departement voortgaan om omsigtige besluite ten opsigte van ons finansieringsbeleid te neem. Ons sal ook voortgaan om vennootskappe te sluit, en om veral OSW-befondsing vermeerder aan organisasies wat waarde toevoeg aan ons noodsaaklike dienste ten einde die Departement se eie diensleweringskapasiteit aan te vul.

Die verbetering van ons monitering- en evalueringstelsels en die ontleding van prestasie-inligting sal voortgaan om data te verskaf wat seker maak dat diensverskaffers die beoogde diens lewer waarvoor hulle befonds word. OSW-befondsing word toegewys aan organisasies wat dienslewering en impak toon. Die hoogste standaarde word sonder vrees, gunste of partypolitieke voorkeur vir hierdie doel gebruik. Opleiding en vaardigheidsopleiding van personeel, wat verband hou met die versameling en verifiëring van prestasie-inligting, sal steeds geprioritiseer word.

Ooreenkomstig ons onwrikbaarheid om die implementering van dienslewering te verbeter wat verband hou met statutêre vereistes sal my Departement geleenthede vir kinders en jeug in ons sorg deur middel van ons statutêre mandaat vermeerder. Ons sal ook voortgaan om te fokus op die jeug, met meer klem op vennootskap met die private sektor om die befondsingspool te laat groei vir jeugprogramme.

Die Departement het 'n strategiese besluit geneem om op die bekendstelling van die Provinsiale Jeugontwikkelingstrategie via die uitbreiding en verbetering van die Jeugkafees to fokus. 'n Aansienlike styyging sal in die die loods van Jeugkafees regoor die provinsie plaasvind, met bepaalde verwysing na onderbediende gemeenskappe.

As deel van ons volgehoue belegging om die gehalte van dienste aan kinders en gesinne aan te vul en te verbeter, sal die Departement die administratiewe lading op streekskantore en plaaslike kantore verlig deur:

- Aspekte van die voorsieningskanaalproses te sentraliseer ten einde druk op die streekskorporatiewe dienseenhede te verlig;
- Die registrasie van Vroeëkinderontwikkeling (VKO) na hoofkantoor verskuif;
- 'n Organistoriese oorsig van die streekstrukture uitvoer om medium-termyn kapasiteitsvereistes te bepaal wat aangepak kan word wanneer begroting beskikbaar word;
- 'n Werksladingbestuursprojek in samewerking met die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te loods om die verspreiding van hulpbronne regoor diensleweringspunte te optimaliseer; en
- OSW-befondsing te verhoog om noodsaaklike dienste van die Departement se eie diensleweringskapasiteit aan te vul.

Hierdie inisiatiewe sal maatskaplikediensvakkundiges beskikbaar stel om intense maatskaplike werk en toesig uit te voer wat 'n positiewe uitwerking op dienslewering op voetsoolvlak sal hê. Derhalwe sal die Department in staat wees om sy statutêre verpligtinge ten opsigte van Kinderhofprosesse, alternatiewe sorg, aannemings, gesinsbeskerming en hereniging, gesinsbemiddeling, ouerskapsplanne, die regte en verantwoordelikhede van ouers, huweliksberading en ouerskapsvaardighede na te kom – almal wat kritieke maatskaplike intervensies vereis. 'n Daadwerklike poging sal aangewend word om die befondsde vakatures te vul. Ons sal steeds voortgaan om sterk in die verbetering en opleiding van ons personeel te belê.

Middelmisbruikintervensies sal aangepak word deur middel van hoë gehalte navorsing wat tot bewysgebaseerde beste praktyk bydra, veral deur alkoholverwante nadele aan te pak. Digitale en sosiale media sal gebruik word om bewusmakingsveldtogte te verskerp, aangesien dit ons in staat stel om talle persone, veral die jeug te bereik.

Ons dienste ten opsigte van ouer persone sal voortgaan om die registrasie van residensiëlesorgfasiliteite vir swak ouer persone, alternatiewe sorg en ondersteuningsmodelle soos byvoorbeeld dagsorgsentrums, senior klubs, verposingsorg, onafhanklike lewensmiddele en tuissorg te prioritiseer. Hierdie proses het reeds tot groter verantwoordbaarheid en bewusmaking ten opsigte van die gewenste standaarde van dienslewering onder diensverskaffers, gesinslede en gemeenskappe gelei.

Selfs onderwyl ons onsekere ekonomiese tye en 'n beperkte fiskale klimaat in die gesig staar, sal die Departement darna streef om meer innovasie en dienslewering aan die persone van die Wes-Kaap te bied. Ek vertrou dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan (JPP) ons doelwitte vir die boekjaar vorentoe artikuleer, en dat dit ons bestuur en personeel goed sal begelei namate hulle met die implementering daarvan voortgaan.

**PROVINSIALE MINISTER VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING**
**Adv. Albert Fritz**
**Datum: 2 Maart 2018**

# AMPTELIKE AFTEKENING

Daar word hiermee verklaar dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- Deur die bestuur van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling onder leiding van Adv. Albert Fritz en ooreenkomstig die Strategiese Plan van die Departement voorberei is.
- Ag slaan op alle tersaaklike beleidsrigtings, wetgewing en ander mandate waarvoor die Departement verantwoordelik is.
- Bied 'n akkurate weergawe van die presetasieteikens wat die Departement sal poog om met die hulpbronne wat in die begroting vir 2018/19 beskikbaar gestel is, te verwesenlik.

**Me. Marion Johnson**
**Hoofdirekteur: Sakebeplanning- en Strategie**

**Mnr. Juan Smith**
**Hoof-finansiële Beampte (HFB)**

**Dr. Robert Macdonald**
**Rekenpligtige Beampte**

**Goedgekeur deur:**

**Adv. Albert Fritz**
**Uitvoerende Mag**

**Datum: 2 Maart 2018**

## INHOUD


VOVOORWOORDORWOORD 3

AMPTELIKE AFTEKENING AFTEKENING 5

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG 9

1 Visie 9

2 Missie 9

3 Waardes 9

4 Wetgewende, ander mandate en kernfunksies 10

4.1 Grondwetlike Mandate 10

4.2 Wetgewende Mandate 10

4.3 Kernfunksies van die Departement 12

4.4 Beleidsmandate 12

4.5 Beplande Beleidsinisiatiewe 15

5 Situasie-ontleding 16

5.1 Prestasie-omgewing 16

5.2 Organisatoriese Omgewing 18

5.3 Organisatoriese struktuur 19

5.4 Beskrywing van die strategiese beplanningsproses 24

5.5 Ooreenstemming tussen Departementele Mandate 25

6 Departmentele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte 29

7 Oorsig van 2018/19 begroting en MTUR-ramings 31

7.1 Beraamde uitgawes 31

DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE EN PROGRAMINLIGTING 35

8 Program 1: Administrasie 37

8.1 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR 40

Beraamde uitgawes 40

8.2 Risikobestuur 42

9 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste 43

9.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR 50

9.2 Risikobestuur 52

10 Program 3: Kinders en gesinne 52

10.1 Risikobestuur 66

11 Program 4: Herstellende Dienste 67

11.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR 75

11.2 Risikobestuur 77

12.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en die MTUR 87

12.2 Risikobestuur 89

DEEL C: SKAKELS TOT ANDER PLANNE 91

12 SKAKELS TOT LANGTERMYN INFRASTRUKTUURPLANNE EN ANDER HOOFPLANNE 91

14 VOORWAARDELIKE TOELAES 93

15 OPENBARE ENTITEITE 93

16 OPENBARE-PRIVATE VENNOOTSKAPPE 93

BYLAE A: VERANDERINGS AAN STRATEGIESE PLAN 2015 - 2020 94

BYLAE B: TABELLE TER BESKRYWING VAN TEGNIESE AANWYSERS 98

BYLAE C: LYS VAN KONTAKTE 150

BYLAE D: AKRONIEME 152

BYLAE E: SEKTORAANWYSERS NIE DEUR WK DMO GERAPPORTEER NIE 154

BYLAE F: VENNOOTSKAP OOREENKOMSTE 156

# DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

# DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

## 1 Visie

'n Selfonderhoudende samelewing.

## 2 Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste wat arm mense, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes in staat stel en bemagtig, te verseker**.**

## 3 Waardes

Die werk van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) sal op die volgende waardes van die Wes-Kaapse Regering (WKR) gebou word:

| | |
|---|---|
| Sorgsaamheid | Om om te gee vir diegene in wie se diens ons is en met wie ons werk |
| Bevoegdheid | Die vermoë en kapasiteit om die werk te doen waarvoor ons aangestel is |
| Aanspreeklikheid | Ons aanvaar verantwoordelikheid |
| Integriteit | Om eerlik te wees en die regte ding te doen |
| Innovasie | Om oop te wees vir nuwe idees en kreatiewe oplossings te ontwikkel vir probleme op 'n vindingryke wyse |
| Sensitiwiteit | Om die behoeftes van ons burgers en werknemers te dien |

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is verbind tot die volgende diensleweringsbeginsels:

- **Om anders te werk te gaan**
  Die Departement sal daarna streef om verskillende maniere van werk te ondersoek en te toets om die maksimum resultate oor die kortste tydperk te bereik sonder om gehalte in te boet.

- **Konsultasie en insluiting**

Ons sal deurlopend aandag gee aan betekenisvolle skakeling met ons vennote en belanghebbers soos omskryf in die Interregeringsraamwerk, Wet 13 van 2005.

- **Toeganklikheid**
  Toeganklikheid tot dienste is noodsaaklik. Die Departement sal voortgaan met die modernisering van sy struktuur en prosesse oor die tydperk van die mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR).

- **Aanspreeklikheid en deursigtigheid**
  Institusionalisering van korporatiewe bestuur deur die implementering van uitslaggebaseerde monitering, evaluering en verslaggewing, gesonde sakeprosesse, beleide en die versterking van voldoening om aanspreeklikheid en prestasie te verbeter.

# 4 Wetgewende, ander mandate en kernfunksies

## 4.1 Grondwetlike Mandate

| Wetgewing | Impak op die funksionaliteit van DMO |
|---|---|
| **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996** | Artikel 28(1) van die Grondwet sit kinders se regte ten opsigte van gepaste sorg (basiese voeding, skuiling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) uiteen en bepaal dat die aanhouding van kinders 'n laaste uitweg moet wees. |

## 4.2 Wetgewende Mandate

| Wetgewing | Impak op die funksionaliteit van DMO |
|---|---|
| **Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel, 7 van 2013** | • Die Wet gee uitvoering aan die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel, veral vroue en kinders, te voorkom, te bekamp en te straf, en om die VN-konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan te vul. |
| **Wysigingswet op Seksuele Oortredings en Verwante Aangeleenthede, 6 van 2012** | • Die Wet wysig die Wet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, sodat dit uitdruklik bepaal dat die oplê van strawwe ten opsigte van sekere oortredings wat in die Wet vervat is, aan die diskresie van die howe oorgelaat word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. |
| **Wet op die Nasionale Jeug-ontwikkelingsagentskap, 54 van 2008** | • Die doel van die Wet is om koördinasie vir aangeleenthede betreffende jeugontwikkeling te skep en te bevorder. |
| **Wet op Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, 70 van 2008** | • Hierdie Wet maak voorsiening vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die gebied van middelmisbruik onder alle staatsdepartemente. Hierdie Wet plaas veral klem op die bevordering van gemeenskapgebaseerde programme en programme vir vroeë intervensie, sowel as die registrasie van terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik. |
| **Kindergeregtigheidswet, 75 van 2008** | • Die Wet vestig 'n strafregsproses vir kinders wat van oortredings beskuldig word en is daarop gemik om kinders se regte te beskerm. |

| Wetgewing | Impak op die funksionaliteit van DMO |
|---|---|
| **Wet op Ouer Persone, 13 van 2006** | • Die Wet op Ouer Persone, 13 van 2006, wat op 1 April 2010 deur middel van 'n presidensiële proklamasie in werking getree het, poog om ouer mense te bemagtig en te beskerm, met insluiting van hulle status, regte, welsyn, veiligheid en sekuriteit, sowel as die bekamping van die mishandeling van ouer persone.<br>• Die Wet bevorder 'n ontwikkelingsbenadering wat die volgende erken:<br>◦ Die wysheid en vaardighede van ouer persone;<br>◦ Ouer persone se deelname aan gemeenskapsaangeleenthede;<br>◦ Die regulering van registrasie van dienste vir ouer persone;<br>◦ Die vestiging en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone.<br>• Anders as die Wet op Bejaarde Persone, 81 van 1967, word die klem verskuif van institusionele sorg na gemeenskapgebaseerde sorg ten einde seker te m aak dat 'n ouer persoon so lank as moontlik in die gemeenskap bly. |
| **Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 13 van 2005** | • Die wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder met die oog daarop om 'n stabiele en responsiewe regeringstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van staatsadministrasie versterk. |
| **Kinderwet, 38 van 2005** | • Die Wet het deur middel van 'n presidensiële proklamasie op1 April 2010 in werking getree en omskryf die volgende:<br>◦ Die regte en verantwoordelikheid van kinders;<br>◦ Die verantwoordelikhede en regte van ouers;<br>◦ Beginsels en riglyne vir die beskerming van kinders;<br>◦ Die bevordering van die welsyn van kinders; en<br>◦ Die konsolidasie van die wette in verband met die welsyn en beskerming van kinders, en maak voorsiening vir bykomstige aangeleenthede.<br>• Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding van die Suid-Gautengse Hooggeregshof gedateer April 2011 rakende die korrekte vertolking van artikel 150(1)(a) van die wet. Die hof het bevind dat:<br>◦ 'n Versorger wat 'n wettige sorgsaamheidsplig het (in hierdie geval 'n ouma), as 'n pleegouer aangestel kan word; en<br>◦ Nóg die Kinderwet nóg die Wet op Maatskaplike Hulp of sy regulasies vereis dat die pleegouer se inkomste ondersoek moet word. Derhalwe moet die finansiële situasie van die kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het, in ag geneem word en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n wettige ondersteuningsplig het nie die finansiële middele het om dit te doen nie, moet hulle om 'n pleegsorgtoekenning kan aansoek doen. |
| **Wysigingswet op Proefdienste, 35 van 2002** | • Die doel van die Wet is om die Wet op Proefdienste, 1991, te wysig om sekere definisies in te voeg en om:<br>◦ Verder voorsiening te maak vir programme wat gemik is op die voorkoming en bekamping van misdaad;<br>◦ Die magte en pligte van proefbeamptes uit te brei;<br>◦ Voorsiening te maak vir die pligte van assistentproefbeamptes;<br>◦ Voorsiening te maak vir die verpligte assessering van kinders wat gearresteer is; |

| Wetgewing | Impak op die funksionaliteit van DMO |
|---|---|
| | • Voorsiening te maak vir die vestiging van 'n proefadvieskomitee;<br>• Voorsiening te maak vir die aanwysing van familievinders; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. |
| **Wet op Maatskaplikediensberoepe, 110 van 1978; Gewysig 1995, 1996 & 1998** | • Hierdie wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoepe (SARMD) daargestel wat die bevoegdhede en werksaamhede van die maatskaplikediensraad en -beroep omskryf. |
| **Wet op Gesinsgeweld, 116 van 1998** | • Die doel van hierdie Wet is om aan slagoffers van gesinsgeweld die maksimum beskerming teen gesinsgeweld te verleen. |
| **Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, 71 van 1997** | • Die doel van hierdie Wet is om organisasies sonder winsoogmerk te ondersteun deur 'n administratiewe en regulerende raamwerk daar te stel waarbinne organisasies sonder winsoogmerk hulle sake kan doen. |

## 4.3 Kernfunksies van die Departement

Die departement is tot die volgende twee kernfunksies verbind:

- 'n **Maatskaplike welsynsdiens** aan arm en kwesbare mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing;

- 'n **Gemeenskapsontwikkelingsdiens** wat volhoubare ontwikkelingsprogramme ter fasilitering van die bemagtiging van gemeenskappe voorsien.

## 4.4 Beleidsmandate

- **Die Witskrif vir die Wes-Kaapse Beleid oor die Vermindering van Alkoholverwante Skade 2017:** Die skade wat deur alkohol verrig word, is deur die WKR as 'n prioriteitskwessie vir die provinsie geïdentifiseer en die Wes-Kaapse kabinet het die vermindering van alkoholverwante skade as een van sy 'game changers' gekies[1]. Die beleid stel dit ten doel om intervensies te verskaf wat bydra tot die vermindering van alkoholverwante skade. 'n Verdere doel is om te voorsien vir aanvullende aangeleenthede ten einde die doeltreffendheid en doelmatigheid van bykomende ondersteuningsgtrukture, wat verband hou met die vermindering van alkoholverwante skade, te verhoog. Die beleid het nege fokusareas en tien geteikende areas wat deur die Wêreldgesondheidsraad aanbeveel is.

- **Vermindering van Alkoholverwante Skade 'Game Changer' 2017:** Data wat van hospitale, lykshuise en ongelukke verkry is en van mediese navorsing wat, onder andere, deur hoër onderwysinstellings en die Mediese Navorsingsraad uitgevoer is, toon dat alkohol 'n belangrike bydraer tot die siektelas in die Wes-Kaap is. Die alkohol skadevermindering 'game changer' bestaan uit drie hefbome: versterk die bestuur van die staat ten opsigte van die verskaffing van alkohol; verskaf alternatiewe geleenthede vir ontspanning in die gemeenskap, en verskaf psigo-sosiale dienste om die risiko onder pasiënte in hospitale en klinieke aan te pak en te verminder. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling speel 'n ondersteuningsrol in die derde hefboom. Op persele waar hierdie projek geloods word, ontvang en werk Departementele maatskaplikewerkers met hoërisiko drinkers wat deur die

[1] WCG, Provincial Strategic Plan 2014-2019.

Departement van Gesondheid se kliniek- en hospitaalgebaseerde beperkte motiveringsintervensiespanne verwys is.

- **Naskoolse Game Changer 2017:** Die Naskoolse Game Changer-program maak seker dat Wes-Kaapse leerders gereeld en deurlopend toegang tot naskoolse aktiwiteite het, wat bydra tot positiewe jeugontwikkelling. Die program dra by tot die opvoedingsomgewing deur 'n veilige, aktiewe en koesterende plek na skoolure te verskaf waarin leerders hul belangstellings kan nastreef en 'n nis buite die klaskamer vind. Dus sal hierdie program die vertroue van leerders en moontlik toekomstige geleenthede bou.

- **Wes-Kaapse Provinsiale Strategie vir die voorsiening van kinder-en-jeugsorgsentrums (KJSS'e) 2016**: Hierdie strategie bestuur die voldoende verspreiding van residensiële sorg vir kinders by KJSS'e regoor die kontinuum van sorg en verwante sentrumgebaseerde programme regoor die provinsie, wat ooreenstem met die provinsie se bepaalde behoeftes, omstandighede, begrotingsbeperkings en die beskikbaarheid van infrastruktuur.

- **Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se strategie vir die verbetering van kindersorg-en-beskermingsdienste 2015**: Hierdie strategie is ontwikkel om die risiko's verwant aan die implementering van die statutêre vereistes, norme en standaarde van die Kinderwet te versag. Die strategie identifiseer die kernoorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies te hanteer.

- **Gehalteversekeringsraamwerk vir prestasiemonitering van maatskaplikewelsyn- en gemeenskapsontwikkelingdienslewering 2015**: Hierdie raamwerk stem ooreen met die Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en stel omvattende prestasiemonitering voor via 'n gehalteversekeringsbenadering tot gemeenskapsontwikkeling- en maatskaplikewelsynsdienste in die departement sowel as 18 die OSW-sektor in hierdie provinsie. Dit fokus ook op gehalteverbetering in dienslewering en omskryf die standaarde vir diensuitnemendheid en hoe dit gemoniteer en bestuur behoort te word.

- **Die Gehalteversekeringstrategie vir Kinder-en-jeugsorgsentrums 2015:** Die strategie verseker dat gehalteversekering by kinder-enjeugsorgsentrums uitgevoer word, soos deur artikel 211 en regulasie 89 van die Kinderwet gemandateer.

- **Verbeterde voorsiening van Multi-programsentrumstrategie 2015:** Die ontwikkeling en bestuur van 'n strategie om 'n gepaste verspreiding van behoorlik befondsde, gekoördineerde en bestuurde KJSS'e in die provinsie te verseker wat die verlangde reeks residensiëlesorgprogramme voorsien, soos beoog in artikel 192 van die Kinderwet.

- **Nasionale Beleid vir Vroeëkinderontwikkeling 2015 (VKO):** HIerdie beleid streef daarna om dienslewering ten opsigte van vroeëkinderontwikkelling in Suid-Afrika te transformeer, veral met die oog daarop om kritieke gapings aan te pak en 'n omvattende, geskikte VKO-program van gehalte te verseker wat vir alle babas, jong kinders en hul versorgers toeganklik is soos voorsien in die NOP.

- **Nasionale Beleid vir Jeugdiges 2020, (2015):** Die doel van die beleid is om jeuginisiatiewe te konsolideer wat die vermoëns van jongmense versterk om die ekonomie en gemeenskap te transformer deur werk te maak van hul behoeftes, positiewe uitkomste, geleenthede, keuses en verhoudings te bevorder, en die nodige ondersteuning vir hul ontwikkeling te verskaf.

- **Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Beleid insake die Befondsing van Nieregeringsorganisasies vir die Lewering van Maatskaplikewelsyn- en Gemeenskapsontwikkelingsdienste 2013**: Hierdie beleid verseker dat oordragbetalings op 'n deursigtige wyse bestuur word wat aanspreeklikheid, doeltreffende administrasie, duidelike

prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder. Hierdie beleid stem ooreen met die nasionale beleid oor finansiële toekennings.

- **Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2014-2019:** Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die WKR se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Die WKR het vyf strategiese doelwitte geïdentifiseer in sy strewe om oor die volgende vyf jaar tot die verwesenliking van die NOP se doelwitte en doelwitte by te dra. Die werk van die Departement word ook deur hierdie Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD) gelei. Die Departement fokus op PSD2: Verbetering van onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling, en PSD3: verhoging van welsyn, veiligheid en die vermindering van maatskaplike euwels.

- **Die Witskrif op die Gesin 2013:** Die hoofdoel van hierdie witskrif is om gesinswelstand te kweek, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te versterk en gesinskwessies voorop te stel in regeringswye beleidmakingsinisiatiewe. Die departement het 'n provinsiale plan ontwikkel vir die implementering van die Witskrif op Gesinne wat by die Forum vir Gesinsdienste op 16 September 2016 aanvaar is.

- **Die Regulasies vir Proefdienste (2013):** Hierdie regulasies wat in Regulasiekoerantnr. 36159, gedateer 15 Februarie 2013, vol. 572, nr. 9911 gepubliseer is, is afgestem op die regulering en verbetering van proefdienste.

- **Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn 2013:** Hierdie raamwerk lê bepalings neer vir 'n konsekwente stelsel en duidelike standaarde vir die evaluering van die doeltreffendheid van maatskaplikewelsynsdienste en die deurlopende verbetering daarvan.

- **Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Jeugstrategie 2013:** Om die departement se jeugontwikkelingsprogramme en -prioriteite te begelei, te informeer en te rig en om 'n groot mate van institusionele en programmatiese voorspelbaarheid te bewerkstellig. Dit dien as 'n kritieke beplanningsinstrument wat daarop afgestem is om werk te maak van jongmense in die Provinsie van die Wes-Kaap se behoeftes.

- **Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie 2013:** "Die doel van die (provinsiale) jeugontwikkelingstrategie (is) om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol oorgaan tot verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voor-jeugfase tussen 10 en 14 jaar en die 'jeug'-fase tussen 15 en 24."[2]

- **Nasionale Beleid oor die Voorsiening van Maatskaplikeontwikkelingsdienste aan Mense met Gestremdhede 2013:** Die hoofdoel is om die lewering van vooropgestelde maatskaplikeontwikkelingsdienste aan mense met gestremdhede te begelei en te koördineer. Dit het ten doel om te verseker dat die waardigheid en regte van alle mense met gestremdhede behoue bly en aan voldoen word deur die lewering van tersaaklike sosio-ekonomiese programme en dienste waardeur hul insluiting verseker sal word.

- **Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2012**: Die Nasionale Beplanningskommissie het die "Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie vir 2030" op 11 November 2011 gepubliseer as 'n stap om 'n nuwe weg vir Suid-Afrika uit te stip wat daarna streef om teen 2030 armoede uit te wis en ongelykheid te verminder. Die bygewerkte "Nasionale Ontwikkelingsplan 2030: Ons toekoms – maak dit werk" is in die loop van 2012 gepubliseer.

---

[2] Extract from the Foreword of Western Cape Youth Development Strategy 2013, by Premier Helen Zille.

- **EenKaap2040: Van Visie tot Aksie 2012:** Die WKR het hierdie visie in Oktober 2012 aanvaar. Dit het ten doel om 'n transisie na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit verwoord 'n visie oor hoe die mense van die Wes-Kaap saam daaraan kan werk om hul streeksekonomie en die samelewing oor die algemeen te ontwikkel deur beplanning en optrede ter bevordering van 'n gemeenskaplike verbintenis tot en aanspreeklikheid vir volgehoue langtermynvooruitgang uit te stip.

- **Die Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste 2011:** Verskaf die maatstawwe vir die lewering van maatskaplikewelsynsdienste van gehalte en maak deel uit van die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste.

- **Die Supervisieraamwerk vir die Maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika 2011:** Bepaal die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, studentmaatskaplikewerkers, hulpmaatskaplikewerkers, leerlinghulpmaatskaplikewerkers, maatskaplikewerkspesialiste en privaatpraktisyns ten einde bedrewe, professionele maatskaplikewerkpraktyke te verseker wat in die beste belang van diensgebruikers binne die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is.

- **Nasionale Dwelmmeesterplan 2008:** Die plan maak dit moontlik om departemente en plaaslike owerhede ooreenkomstig die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (Wet 70 van 2008) te koördineer. Sy doel is om te verseker dat die land 'n eenvormige respons op middelmisbruik het.

- **Die Witskrif oor Bevolkingsbeleid vir Suid-Afrika 1998:** Die witskrif bevorder die ontwikkeling en handhawing van alle Suid-Afrikaners se lewensgehalte deur bevolkingsvraagstukke by die ontwikkelingsbeplanning van die onderskeie regeringsfere en alle sektore van die samelewing te integreer. Die departement is gemandateer om die implementering van die beleid te moniteer sowel as die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamika binne die konteks van volhoubare mense-ontwikkeling.

- **Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn 1997:** Die witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur begeleidende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynstelsels te bepaal.

### Tersaaklike hofuitsprake

**Wes-Kaapse Forum vir Verstandelike Gestremdheid: Hofbevel (saaknommer: 18678/2007)** Uitspraak wat op 11 November 2010 gelewer is, het die WKR opdrag gegee om redelike maatreëls te tref vir die opvoedkundige behoeftes van erge of uitgesproke gestremde kinders. Ter nakoming van hierdie hofbevel maak die departement voorsiening vir die salarisse van projekimplementeerders en die versorgers van verstandelikgestremde kinders by 44 versorgingsentrums en befonds die veilige vervoer van hierdie kinders van en na die sentrums.

## 4.5 Beplande Beleidsinisiatiewe

Die volgende beleidsinisiatiewe word beplan:

- Beleid om die gebruik van sosiale media in Maatskaplikewelsynsdienste te reguleer;
- Beleid oor die Veiligheid van Maatskaplike Werkers.

# 5 Situasie-ontleding

## 5.1 Prestasie-omgewing

Die Departement werk in 'n toenemende genadelose en beperkende begrotingsomgewing terwyl dit stygende vlakke van armoede en werkloosheid in die gesig staar. Dit het gelei tot 'n toename in die vraag na maatskaplike dienste en maatskaplike sekuriteit sonder die ooreenstemmende toename in hulpbronne om aan die vraag te voldoen. Hierdie situasie is vererger deur die huidige waterkrisis, die impak van voëlgriep, brande, en die verwante vernietiging van eiendom, en lewensverlies in gemeenskappe. Die Departement ondervind derhalwe 'n stygende vraag vir rampbestuursondersteuning. Die Wes-Kaapse Regering (WKR) het 'n provinsiewye herstelplan van stapel gestuur om die impak van die uitbreek van voëlgriep teen te werk en die Departement neem deel in die gesamentlike bedryfsentrum wat daargestel is om die responsplan vir die uitbreek van voëlgriep en die droogte te dryf.

Volgens die Tussentydse Bevolkingsramings (2017) wat deur Statistieke Suid Afrika (Stats SA) gepubliseer is, word die huidige bevolking van die Wes-Kaap op 6.5 miljoen (11.5% van die totale bevoling in SA) beraam. Gedurende die vyfjaar periode van 2016 tot 2021, voorspel Stats SA, dat nagenoeg 485 000 mense na die Wes-Kaap sal migreer. Risikofaktore soos werkloosheid van 20.7% en 'n uitgebreide definisie van 24.6% – Q2 2017), misdaad en middelmisbruik bedreig die welstand van kinders en gesinne in die provinsie. Die werkloosheidsyfer wissel tussen 'n 2% -band oor die afgelope drie jaar. Derhalwe bly kinders en gesinne 'n risiko en hoë prioritiet vir die Departement se dienste.

Daar is nagenoeg 542 575 kinders tussen die ouderdomme 0 en 4 jaar in die Wes-Kaap. Ten spyte van die geprojekteerde afname in hierdie bevolkingsgroep oor die volgende vyf jaar as gevolg van die afnames in die vrugbaarheidskoers, veiligheidskwessies, kognitiewe ontwikkeling, en voeding sal dit toenemend die fokus van VKO-intervensies word. Die intervensie het ten doel om die kinders te bemag om skool te bemeester en beter onderwys uitkomstes te bereik wat toegang tot meer geleenthede in die lewe sal bied. Die fokus van die VKO-program verskuif derhalwe van die vermeerdering van fasiliteite tot die verhoging van toegang vir kinders en om die gehalte van die VKO-programme in die provinsie te verbeter. Uitdagings in hierdie sektor hou dikwels verband met die VKO-registrasieproses en die Departement sal voortgaan om die proses te verbeter. Die Departement sal voortgaan om tot die provinsiale Naskoolse Game Changer by te dra deur sy befondsde naskoolse gedeeltelikesorgfasiliteite en streef by wyse van samewerking daarna om die gehalte van programme te verbeter, 'n veilige en bemagtigende omgewing te skep en hulpbronne te ontsluit. Die doel van Game Changer is om gehalte naskoolse programme aan nagenoeg 20% leerders in geen- en lae-skoolfonds skole in die Wes-Kaap te lewer.

Gemeenskapsensus 2016 rapporteer dat daar 'n totaal van 1 929 700 kinders tussen die ouderdomme 0 en 17 jaar in die Wes-Kaap is. Navorsing[3] dui op 'n hoë voorkoms van kindermishandeling, en dit is duidelik dat strategieë om kinders te beskerm, geïntensiveer moet word. Sorg- en beskermingsdienste vir kinders is die departement se vernaamste fokus, en oor die volgende vyf jaar gaan die departement se enkel grootste doelwit wees om hierdie dienste, soos vereis deur die Kinderwet, op standaard te bring en om hulle, as 'n bydrae tot die verwesenliking van PSD 2 en 3, met ander provinsiale departemente, munisipaliteite, OSW's en privaatsektorvennote te koördineer. Die voorkoms van kindermishandeling in die provinsie is 'n veranderlike wat verband hou met die hoëvoorkoms van middelmisbruik (insluitend alkohol).

In Sensus 2011 is daar gerapporteer dat nagenoeg 1 041 553 persone in die Wes-Kaap met verskeie vorms van gestremdheid saamleef, waarvan 190 929 persone gerapporteer het dat hulle nie in staat is om vir hulself te sorg nie. Die Departement sal voortgaan met sy regstellende

[3] Western Cape Department of Social Development (2015). An Evaluation of Child Maltreatment Data. Internal research report compiled by Victoria Tully and Faheemah Esau.

intervensies deur sy leierskap van die PSD 3-projek vir die doel om die regte, welstand en sosioekonomiese ontwikkeling van mense met gestremdhede en hul gesinne of versorgers te bevorder.

Die ouderwordende Wes-Kaapse bevolking word weerspieël in die 18% toename in die kategorie persone 60 jaar en ouer soos voorsien word tussen 2017 en 2021. Volgens Stats SA is daar 640 262 persone wat ouer as 60 jaar is in die Wes-Kaap. Onlangse bevolkingsprojeksies dui daarop dat die bevolking van persone ouer as 60 tot 755 521 teen 2021 sal groei. Die vinnigste groeiende bevolking van ouer persone kom voor in areas waar daar tradisioneel nie 'n groot aantal ouer persone is nie. Daar bestaan derhalwe 'n teenstrydigheid tussen die ligging van dienste vir ouer persone en waar die eintlike behoefte bestaan. Die toename in die kategorie persone 85 en ouer wat beraam word op meer as 30% teen 2021, hou aansienlike implikasies in vir die verskaffing en ondersteuning van verswakte sorgdienste vir ouer persone. Sorg vir ouer persone, veral die uitbreiding van onafhanklike en bygestaande verblyffasiliteite, verskwate sorg en toepaslike gemeenskapsgebaseerde intervensies geniet steeds voorkeur van die Departement. Laagenoemde word deur die befondsing van dienssentrums, bygestaande verblyffasiliteite en residensiëlesorgfasiliteite bewerkstellig.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2,2 miljoen jongmense tussen die ouderdom 15 en 34 jaar. Aan die hand van data komende van Sensus 2011 word bereken dat 13% van hierdie jongmense (ongeveer 277 160) as NEETS geklassifiseer kan word. NEETS is jongmense wat nie werk het nie en ook nie onderwys of opleiding deurloop het nie. Meer as 60% van die werkloses het minder as 'n matriekstandaard van onderwys. Sleutelbevindings uit die navorsing rakende NEETs in die provinsie het die negatiewe impak van geweldsmisdaad, middelmisbruik en straatboewery op die sosialisering van jongmense uitgewys. Dit tesame met die swak Suid-Afrikaanse ekonomie en die gebrek aan werkgeleenthede het tot 'n hoë vraag na dienste onder die jeug gelei. Derhalwe is die Departement se vernaamste prioriteite oor die volgende drie jaar om te verseker dat alle departementele jeuggefokusde programme met die langtermyn-uitkomste van die provinsiale jeugontwikkelingstrategie (PJOS) ooreenstem en dat daar 'n strategiese fokus op NEETS is. Voorts sal die departement, tesame met die jeugsektor, daarna streef om OSW's se jeuggeteikende programme in ooreenstemming met PJOS-uitkomste te bring. Insgelyks sal die departement, in samewerking met die Departement van die Premier (DvdP), dwarsliggende ooreenstemming tussen en implementering van jeuggeteikende programme oor alle provinsiale departemente heen verseker.

Die voorkoms van maatskaplike misdaad in die Wes-Kaap is steeds 'n prioriteit weens die skadelike effek wat dit op die provinsie se maatskaplike en ekonomiese welstand het. Vir hierdie doel, vereis PSD 3 steeds dat ons onder andere psigososiale ondersteuning en ander ondersteuning bied soos byvoorbeeld:

- Behandeling en verwante intervensies vir middelmisbruik;
- Intervensies om kinders teen mishandeling en verwaarlosing te beskerm;
- Sorg en ondersteuning vir slagoffers van huishoudelike geweld; en
- Ondersteuning aan gesinne en ouers in gevaar om skade verwant aan maatskaplike euwels te verminder.

Die beduidenste toename in gerapporteerde misdaad in die provinsie in die dwelmverwante misdaad kategorie, met 'n toename van 156.3% in die tydperk tussen 2005 en 2015. Hierdie en ander euwels gaan steeds voort om teen 'n vinner groeikoers as die groei van die bevolking te vermeerder. 'n Duidelike prentjie van die voorkoms van dwelmverwante misdaad in die Wes-Kaap word weerspieël wanneer die verhouding van die bevolking ondersoek word. Teen 1.431 per 100 000 persone vir die tydperk 2014/15, is die Wes-Kaap die provinsie met die hoogste koers van dwelmverwante misdaad. In dieselfde jaar is die voorkoms 292% hoër as die nasionale voorkomssyfer van 490 per 100 000. Departementele navorsing oor gerapporteerde gevalle van huishoudelike geweld dui aan 'n toename van 18% tussen 2007 en 2010. Daar is gerapporteer dat alkohol en middelmisbruik een van die hoof bydraende faktore tot huishoudelike geweld en kindermishandeling is.

In reaksie op die provinsie se uitdaging ten opsigte van middelmisbruik deur die jeug, word dwelmbehandelingsentrums in alle DMO-beveiligde kinder-en jeugsorgsentrums aangebied. Bykomend is daar skoolgebaseerde dwelmbehandelingsprogramme in 10 hoë risiko hoërskole ingestel. Die Departement neem deel in die Alkohol Skadevermindering (AHR) 'Game Changer' en is verantwoordelik vir Hefboom 3: Versterking van die gehalfte van staats- en nie-regerings dienste ten opsigte van alkohol en maatskaplike dienste, wat ooreenstem met die Witskrif vir die Wes-Kaapse Beleid oor Alkoholverwante Skadevermindering. Alkoholmisbruik kom algemeen voor onder jongmense en dit is belangrik dat ons skoolgaande jongmense moet betrek om hulle bewus te maak van die gevare van alkohol. Hierdie hefboom verseker dat alkoholmisbruik in lewensoriënteringsessies binne die skoolkurrikulum en gedurende naskoolse programme aangepak word.

Ten slotte, om seker te maak dat dienste gepas geteiken word, maak die departement van geografiese inligtingstelstetegnologie gebruik om sy kliëntpopulasie (en, aan die hand van geprojekteerde data, toekomstige kliëntpopulasie) te karteer en teen huidige dienslewering en die sosio-ekonomiese indeks en te meet. Laasgenoemde is aanduidend van die teikenpopulasie met die grootste behoefte, terwyl inligting oor huidige dienslewering toon of departementele hulpbronne gepas binne die teiken se opvangsgebied ontplooi word. Ruimtelike doelwitstellings word toenemend belangrik in 'n ekonomiese klimaat wat gekenmerk word deur begrotingsdruk in soverre die lewering van statutêre dienste betref. Hierdie inligting maak deel uit van die beplanningsproses wat saam met plaaslike owerhede onderneem word. Die Departement het ook 'n voortgesette projek om die omvang van diensleweringsdekking (met inbegrip van befondsde OSW-dienste) in die provinsie op die vlak van diensleweringsareas (DLA) om die vraag na dienste, diensleweringsgapings duidelik uit te klaar en om te begryp watter dienste geprioritiseer moet word ten einde tussen die kompeterende vraag en prioriteitsgebiede van kommer te besluit. Die Departement gebruik ook die Groeipotensiaal van Dorpe Studie om nedersettings met 'n hoë armoede-indeks binne munisipaliteite op te spoor ten einde sy bestaande hulpbronne gesamentlik met munisipale personeel te plot om maniere te vind om dienslewering te verbeter. 'n Belangrike voorbeeld is die bekendstelling van eenvormige verwysingskanale wat kliënte toelaat om aansienlik minder tyd te spandeer om toegang tot dienste te verky.

## 5.2 Organisatoriese Omgewing

'n Doeltreffende organisatoriese struktuur en sakeprosesse is noodsaaklik aangesien die Departement steeds deurlopende uitdagings ondervind in die uitvoer van sy statutêre mandaat binne 'n toenemend nypende fiskale omgewing, 'n toename in die provinsiale bevolking, uitdagende maatskaplike euwels en 'n toename in die vraag na dienste. Sleutelelemente in die nastrewing van hierdie oogmerk is verbeterings aan die departement se organisatoriese struktuur, die invoer van streng kostebesparingsmaatreëls, doeltreffende departementele bestuursbeheerstelsels en sakeprosesse en die daarstelling van strategieë wat die departement se dienslewering sal verbeter.

Die Departement het 'n besigheidskontinuïteitsplan ontwikkel wat voorsiening maak vir statutêre dienste van Dag Zero en verder en stel voor die onmiddelike implementering van waterbesparingsinisiatiewe soos die gebruik van ontsmettingsmiddels vir hande en, die verskuiwing by sy hoofkantoor, van die gebruik van drinkbare tot nie-drinkbare water vir die spoel van toilette. Soortgelyk is alle KJSS'e is toegerus met boorgate. Die Departement se kommunikasieeenheid stuur gereeld nuusflitse uit wat waterbesparingsmetodes aan sy werknemers kommunikeer. Dit word verder deur plakkate versterk wat dieselfde of soortgelyke boodskappe bevat en wat in openbare plekke soos hysers in 'n gebou vertoon word.

## 5.3 Organisatoriese struktuur

Die Direktoraat: Spesiale Programme, die Hoofdirektoraat: Sakebeplanning- en strategie asook die korporatiewe dienseenhede van die Departement se ses streekskantore, was die onderwerp van die organisatoriese ontwerpsproses tydens 2017/18. Die proses in die Hoofdirektoraat: Sakebeplanning- en strategie het op die verserkering van bykomende doeltreffendheid gefokus deur middel van meer effektiewe belyning tussen sy beleid, sakebeplanning, monitering en evaluering, en bevolking, navorsing en kennisbestuurseenhede. Die intervensies is gemik op organisatoriese herontwerp wat die voorsiening van bykomende kapasiteit sterk aanbeveel. Die implementering van hierdie aanbevelings asook die vul van vakatures in die Gehalteversekeringseenheid in die Direktoraat: Fasiliteitebestuur en Gehaltemonitering sal noukeurig tydens die 2018/19-boekjaar oorweeg word.

## Sakeprosesse

Die Departementele Strategie vir die Verbetering van Kindersorg- en Beskermingsdienste in die Wes-Kaap is in 2015/16 goedgekeur en intervensies binne die strategie sluit in die ontwikkeling van Standaardbedryfsprosedures (SBP's) vir die implementering van statutêre maatskaplike-werkdienste. Dit sal verseker dat die Departement sy statutêre mandaat vervul, en daardeur sal die risiko van litigasie gedeeltelik versag word. Dit, tesame met die SBP vir Maatskaplikewelsynsdienste wat ooreenstem met die Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplike Welsynsdienste, verseker dat maatskaplike diensvakkundiges 'n eenvormige en gestandaardiseerde benadering tot dienslewering regoor alle areas bied, wat die gehalte van dienslewering verseker. Dit word ondersteun deur volgehoue opleiding en die implementering van die Supervisieraamwerk vir die Maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika 2011.

Met betrekking tot ondersteuningsdienste, die Departement gaan voort om sy prestasie-inligtingsbestuursprosesse te verfyn deur volgehoue opleiding in die implementering van die Prestasie-inligting SBP en die Beskrwying van Tegniese Aanwyers in die JPP. Die sukses van hierdie maatreëls word bewys deur die feit dat die Ouditeur-Generaal Suid-Afrika (OGSA) oor die afgelope MTUR-tydperk 'n ongekwalifiseerde gevolgtrekking gerapporteer het oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die Departement se gerapporteerde prestasie-inligting.

'n SBP vir die hantering van navrae, klagtes en verslae deur burgers wat deur die WKR se inbelsentrum ontvang word, is in Maart 2017 goedgekeur. Hierdie SBP verseker dat aangeleenthede, kwessies, aantygings van mishandeling en versoeke wat deur burgers geopper word tydig aangepak word; dat die inhoud van die rekords wat gegeneer word tersaaklik is vir die betrokke aangeleentheid; dat die kliënt vertroulikheid handhaaf word; en dat alle rekords en reaksies van kliënte behoorlik beskerm word.

Met betrekking tot sy VKB-prosesse het die departement voort gegaan om strategiese verkryging te implementeer - 'n samewerkende en gestruktureerde proses om die departement se besteding krities te analiseer en die inligting te gebruik om doeltreffende sakebesluite te neem oor hoe om kommoditeite en dienste meer doeltreffend te bekom - in reaksie op die OSW's se behoefte aan 'n gedifferensieerde benadering tot verkryging. Dit, tesame met die hersiening van die Voorsieningskanaalbestuur (VKB) en beknopte riglyne vir implementering sal 'n doeltreffende, goed toegeruste voorsieningskanaalbestuurstelsel verseker.

Ten slotte, die Departement sal steeds diensskedules implementeer as 'n meganisme om die diensvlakooreenkoms (DVO) te operasionaliseer wat dit met die DvdP se Sentrum vir Korporatiewe Dienste (SKD) aangegaan het. Dit sal ook voortgaan met die implementering en verfyning van SBP's vir sy eie diensskedules wat te make het met die hantering van dissiplinêre prosedures, verlofbestuur en personeelwerwing en -keuring.

## MENSEHULPBRONBESTUUR

### Indiensneming en Vakatures

Die Departement is tans besig om die res van die befondsde vakante poste binne die Departementele organisatoriese struktuur te vul en het 35 maatskaplikewerkgraduandi aangestel wat beurshouers van die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) is. Hierdie poste word deur die Voorwaardelike Toelae van die Nasionale Tesourie befonds. Die Departement het 123 maatskaplikewerkgraduandi gedurende die 2017/2018 boekjaar aangestel wat op kontrak in permanente poste sedert 2013 en 2014 is. Maatskaplikewerkgraduandi wat hulle beursverpligtinge nakom, verteenwoordig die oorgrote meerderheid van die aanstellings in die poste wat gevul is bykomend tot die personeelkomponent. Die res van die aanstellings is grootliks as gevolg van vorige herstruktureringsprosesse wat na die uitkontraktering van nie-noodsaaklike dienste soos skoonmaak en beveiliging omsien.

Die Departement het gedurende die 2016/17-prestasiesiklus sy organisatoriese struktuur van alle beveiligde sorgsentrums (Hoofdirektoraat: Fasiliteitebestuur en Gehaltemonitering) met die toepaslike norme en standaarde belyn. Die konsultasieproses met vakbondunies is gedurende die 2017/2018-boekjaar afgehandel en die Departement wag op goedkeuring van die Departement van Staatsdiens en Administrasie vir die implementering daarvan. Die Departement hersien ook sy korporatiewe streekseenhede om die beskikbaarheid van voldoende ondersteuningspersoneel te verseker. Die oorsig sal in die huidige boekjaar afgehandel word.

### Tabel 1: Indiensneming en vakatures per program

| Indiensneming en vakatures per program, soos op 31 Januarie 2018 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Program** | **Befonds** | **Getal poste gevul** | **Vakature-koers** | **Getal poste gevul bykomend tot die diensstaat** |
| Program 1: Administrasie | 454 | 393 | 13% | 48 |
| Program 2: Maatskaplike-welsynsdienste | 1 045 | 1 023 | 2% | 16 |
| Program 3: Kinders en gesinne | 74 | 67 | 9% | 0 |
| Program 4: Herstellende Dienste | 641 | 549 | 14% | 26 |
| Program 5: Ontwikkeling en Navorsing | 46 | 29 | 37% | 0 |
| **Groottotaal** | **2 260** | **2 061** | **9%** | **90** |

## Tabel 2: Indiensneming en vakatures per salarisband

| Indiensneming en vakatures per salarisband, soos op 31 Januarie 2018 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Salarybande** | **Befonds** | **Getal poste gevul** | **Vakature-koers** | **Getal poste gevul bykoomend tot die diensstaat** |
| Laergeskoold (Vlakke 1-2) | 34 | 10 | 71% | 6 |
| Geskoold (Vlakke 3-5) | 784 | 660 | 16% | 28 |
| Hoogsgeskoold produksie (Vlakke 6-8) | 1 059 | 1 020 | 4% | 49 |
| Hoogsgeskoold toesighouding (Vlakke 9-12) | 358 | 346 | 3% | 6 |
| Senior bestuur (Vlakke 13-16) | 25 | 25 | 0% | 1 |
| **Groottotaal** | **2 260** | **2 061** | **9%** | **90** |

## Personeelopleiding

Die Departement het in die 2017/18-boekjaar heelwat in die opleiding van sy personeel belê en het die wetgewende vereiste van 1% oorskry. Die Departement was in staat om sy leerlingskapsprogram vir 194 kinder-en jeugsorgwerkers te voltooi deur befondsing van die owerheid wat met vaardigheidsonderrig en opleiding op die terrein van gesondheid en welsyn (HWSETA) belas is), en wag op die uitslag van HWSETA om die kinder-en jeugsorgwerkers by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoepe (SARMD)te registreer.

Vyf-en-vyftig nuwe beurse is aan personeellede in gespesialiseerde velde toegewys, asook in forensiese en kliniese werk. Ses-en-twintig beurse ten opsigte van verslawingsorg is aan persone buite die Departement toegeken om die beskikbaarheid van gekwalifiseerde beroepspersone in hierdie gebied te versterk.

Ander leerprogramme wat vir maatskaplikverwante werk en ondersteuningspersoneel bekendgestel is, behels opleiding in die wetgewing wat van toepassing is op hulle bepaalde werksveld van praktyk, mentorskap en beroepsleiding. Senior bestuursdiens (SBD)-opleiding sluit in Staatsdiensinduksie vir SBD-lede; fasilitering, mentorskap en beroepsafrigting; regulatoriese impak-asasessering van opleidingsgeleenthede en aanlyn etiek opleiding (vir senior bestuurders en etiek beamptes). Die belang van opleidingsgeleenthede moet nooit onderskat word nie aangesien kapasiteitsbou intervensies help om vaardighede op te skerp en tot 'n verbetering in die gehalte van dienslewering lei.

## Medewerking en vennootskappe

Ten einde geïntegreerde en toeganklike dienslewering te verseker, werk die departement saam met en gaan intersektorale en interregeringsvennootskappe, memoranda van verstandhouding (MvV) en DVO's aan met ander staatsdepartemente, munisipaliteite en privaatsektorvennote. Sien asseblief Bylae F vir meer besonderhede.

## Tegnologiese omgewing

IKT-stelsels speel 'n belangrike rol in die doeltreffende bedryf van die Departement. Vir hierdie doel gaan die Departement voort om seker te maak dat IKT-bestuurbeheerstelsels en administratiewe prosesse en prosedures in plek en operasioneel is. Die tweemaandelikse vergaderings van sy IKT-bestuurskomitee maak seker dat die Departement se IKT-toerusting, safteware en die proses ten opsigte van dienstoewysing voldoen aan WKR-standaarde en dat sy verkrygings- en vervreemdingsprosesse voldoen aan die Wet op die Staatslinligtingstegnologieagentskap (SITA), Wet 88 van 1998, soos gewysig deur die SITA Wet, 38 van 2002, en die WKR-IKT-standaarde.


Met betrekking tot verkryging, die IKT-beleid verskaf 'n proses aan beamptes vir die aansoek, goedkeuring en verkryging van IKT-toerusting wat seker maak dat die IKT-aansoeke wat van personeel ontvang is ingevolge hierdie beleid geëvalueer en goedgekeur is, en ook voldoen aan die WKR-IKT-standaarde met inbegrip van verenigbaarheid met en ondersteuning van die WKR-netwerk. Die departement verskaf ook steeds stelseladministrasie-ondersteuning ten opsigte van nasionale IKT-stelsels soos VEPOPAR (slagofferbemagtigingsprogram en register van mishandelde ouer PCM (bestuurstelsel vir voorwaardelikevrylatingsgevalle, kinderbeskermingsregister (CPR) en kinder-en jeugsorg toepassings (CYCA) en provinsiewyd aan die BAS, LOGIS, Elektroniese Inhoudsbestuur (ECM) ens.

Die strategiese IKT-plan word op 'n jaarlikse grondslag hersien en die ontwikkeling en implementering van 'n departementele OSW-bestuurstelsel is steeds 'n prioriteit in die komende jaar. Die eerste twee fases is afgehandel, d.i. die OSW-databasis en die stelsel om nakomingsvereistes vir betaling is gebou en getoets. Die stelsel sal die betaling of oordrag van fondse na OSW's meer doeltreffend maak deur die nagaan van nakoming van dokumente soos OSW-verslae, finansiële state en oordragbetalingsooreenkoms (TPAs) te outomatiseer. Daarbenewens sal die, bestuurslinligting wat verband hou met die omvang van befondsde dienste tesame met inligting oor die ligging van kwesbare groepe wat deur die Departement bedien word gefokusde dienslewering bewerkstellig. Die OSW-bestuurstelsel verminder duplisering wat deur die huidige handleidingstelsel veroorsaak word, en vervang talle MS Excel-gebaseerde verslae en databasisse wat tans gebruik word vir verslagdoening en die nagaan van nakomingsdoeleindes, aangesien dit 'n sentrale punt voorsien met betrekking to befondsde en onbefondsde OSW's. 'n Bykomende toelae is aan die Departement in 2017 deur DPSA toegestaan om voort te gaan om die OSW-bestuurstelsel te ontwikkel. Hierdie proses bestaan uit ses fases soos hieronder gemeld en sal in die loop van die 2018/2019-boekjaar voltooi word:

- BAS koppelvlak en betalingsrekonsiliasie (versterking aan die huidige betalingsmodule);
- Aansoek om bevondsing & Assessering van aansoeke (nuwe module);
- Monitering en evaluering (nuwe module);
- Prestasiebestuur (nuwe module);
- Integrasie met ander stelsels (GIS, MyContent) (versterking van huidige modules); en
- VKO-gerigte inligting en verslagdoening (versterking van die OSW-databasis vir VKO).

Die beperkte fiskale omgewing in die provinsie en die Departement bied 'n uitdaging vir die tegnologiese omgewing. Die Departement sal voortgaan om maatreëls te implementeer ten einde sommige van die impakte te versag weens provinsiale begrotingsbesnoeiings wat in die loop van die MTUR in die vooruitsig gestel word deur sy IKT-hernuwingsplan verder as die huidige DMO- vyfjaartydperk tot ses jaar te verleng en om toegang tot moontlike bronne van befondsing te verkry.

## 5.3 Organisatoriese struktuur



## 5.4 Beskrywing van die strategiese beplanningsproses

Die strategiese beplanningsverslae is geïnformeer deur 'n ontleding van die nasionale uitkomste en prioriteite vervat in die NOP, MTUR-uitkomste, provinsiale prioriteite en die PSD's en is aan die hand van die volgende proses ontwikkel:

- Die Departement het beplanningwerksessies met personeel van sy streeks- en diensleweringsgebiede gehou ten einde 'n omvattende plan vir dienslewering in die provinsie met die volgende doelwitte te voorsien:
  - 'n Plan te ontwikkel wat optimum dienslewering deur die DMO beskryf;
  - 'n Prentjie te voorsien van diensleweringsdekking in die provinsie tot op diensleweringsgebiedsvlak;
  - Die realiteite beskryf van implementering, diensleweringspagings, die vraag na dienste en prioritisering/herprioritisering van dienste.

  Die uitkomste van die proses is om seker te maak dat die Departement se diensleweringsplan die gemiddeld voorstel van diensleweringsplanne vir streeks- en diensleweringsareas wat verteenwoordigend is en in samewerking met die streekspersoneel opgestel is. 'n Omvattende verslag is voltooi en met alle senior streeksbestuur bespreek en na senior bestuur vir ondersoek en verdere aksie versprei.
- Interne herprioritiseringsprosesse is onderneem en meegaande verskuiwings het plaasgevind om die impak van die verlaging in die basislyn te absorbeer. Dit word vervat in die twee MTUK-prosesse en voorleggings
- Beplanningswerksessies is gehou met diensleweringsprogramme wat op die volgende areas gefokus het:
  - Ooreenstemming ingevolge sy mandate en veranderings in hul diensleweringsomgewing;
  - Prestasie- en begrotingshersieningstendense oor die afgelope MTUR-tydperk binne die konteks van hul prioriteite en besluite ten opsigte van herprioritisering;
  - Ontwikkeling van aanwysers en teikens sowel as aanpassings aan die beskrywings van die tegniese aanwysers waar toepaslik.

  Voorbereidingsdokumente is vooraf voorsien wat as grondslag vir hierdie besprekings gedien het.
- Die provinsiale hoof van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het die besluit geneem om die sektor- en provinsiale aanwysers te behou wat in die JPP 2013/2014 vervat is. Hierdie besluit is deur die volgende geïnformeer:
  - 'n Departementele onderneming aan die OSW-sektor dat die prestasie-aanwysers nie vir die MTUR sal verander nie omdat 'n verandering aan die aanwysers daarop neer sou kom dat die departement meer as 2 200 kontrakte moet aanpas. Dit sou ook vereis dat ondersteunende dokumentasie wat vir ouditdoeleindes benodig word, opnuut gedefinieer moet word;
  - Die Departement het ook soortgelyke ondernemings aangegaan met die provinsiale parlementêre portefeuljekomitee oor gemeenskapsontwikkeling en met die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR), omdat hierdie liggame hul kommer uitgespreek het oor die konstante verandering van aanwysers, wat dit onmoontlik maak om basislyne daar te stel en tred te hou met die Departement se vordering oor meer as een boekjaar en omdat dit 'n administratiewe las vir OSW's veroorsaak;
  - Elke keer wanneer aanwysers verander word, moet nuwe basislyne en teikens ontwikkel word. Dit kompromitteer die MTUK-proses; en
  - Die Departement sal die nuwe sektoraanwysers by sy JPP en kwartaallikse prestasieverslae (KPV) insluit, maar sal nie in staat wees om teikens te stel of daarteen verslag te doen nie.

## 5.5 Ooreenstemming tussen Departementele Mandate

**Ooreenstemming tussen die tersaaklike hoofstukke van die nasionale ontwikkelingsplan (NOP), uitkomste van die mediumtermyn-strategiese raamwerk (MTSR), EenKaap2040 en provinsiale strategiese doelwitte (PSD), Game Changer**

| NDP 2030-uitkomste | MTSR 2019-uitkomste | EenKaap2040 | Provinsiale strategiese Doelwitte | DMO-deelname in die Provinsiale Game Changer | Departmentele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte | Begrotingsprogram struktuur |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Om 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat te bou.<br><br>Om korrupsie te beveg | 'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelinggeoriënteerde staatsdiens. | **Toonaangewende Kaap:** Om wêreldklas, diensgeoriënteerde E aflewering te lei. | Om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelliging van ruimtelike ooreenstemming vas te lê. | - | Verbeter korporatiewe bestuursbeheer. | **Program 1: Administrasie**<br>**Doel:** Verskaf strategiese bestuuren ondersteuningsdienste op alle vlakke van die departement – hoofkantoor, streekskantoor, plaaslike kantoor en fasiliteit. |
| Maatskaplike beskerming. Gesondheidsorg vir almal.<br><br>Om veiliger gemeenskappe te bou.<br><br>Nasiebou en maatskaplike kohesie. | 'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel.<br><br>'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners.<br><br>Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig.<br>Om die samelewing te transformeer en die land te verenig. | **Onderlingverbinde Kaap**: Erken en span die potensiaal van vennootskappe in.<br><br>**Ondernemende Kaap:** Kataliseer werk deur indiensnemingprogramme in die openbare sektor en fasiliteer die skep van maatskaplike ondernemings. | Verhoog welstand en maak werk van maatskaplike euwels. | - | Versterk arm en kwesbare mense se maatskaplike funksionering deur maatskaplikewelsynsdienste. | **Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste**<br>**Doel**: Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan arm en kwesbare mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing. |

| NDP 2030-uitkomste | MTSR 2019-uitkomste | EenKaap2040 | Provinsiale strategiese Doelwitte | DMO-deelname in die Provinsiale Game Changer | Departmentele strategiese uitkomsgeoriënteer de doelwitte | Begrotingsprogram struktuur |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **Bewoonde Kaap:** Verskuif vanaf 'n fokus op behuising na een opdienste, gemeenskapsinfrastruktuur en openbare vervoer | | | | |
| Maatskaplike beskerming. Gesondheidsorg vir almal.<br><br>Om veiliger gemeenskappe te bou.<br><br>Nasiebou en maatskaplike kohesie.<br><br>Om onderwys, opleiding en innovasie te verbeter. | 'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel.<br><br>'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners.<br><br>Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig.<br><br>Om die samelewing te transformeer en die land te verenig.<br><br>Verbeterde gehalte van basiese onderwys. | **Onderlingverbinde Kaap**: Erken en span die potensiaal van vennootskappe in<br><br>**Opgevoede Kaap:** Bestuur 'n doeltreffende en doelmatige onderwysstelsel volgens standaarde wat wêreldwyd aanvaar word<br><br>Fasiliteer 'n stelsel wat saam daaraan werk om vernuwing te bewerkstellig<br><br>**Bewoonde Kaap:** Verskuif vanaf 'n fokus op behuising na een op dienste, gemeenskapinfrastruktuur en openbare vervoer | Verhoog welstand en maak werk van maatskaplike euwels.<br><br>Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeug-ontwikkeling. | **Uitbreiding van gehalte naskoolse aktiwiteite:** Gereelde en volgehoue deelname in naskoolse aktiwiteite wat tot positiewe jeugontwikkeling lei. | Omvattende kinder-, gesinsorg- en ondersteuningsdienste om die regte van kinders te beskerm en maatskaplike welsyn te bevorder. | **Program 3: Kinders en gesinne**<br>**Doel:** Om in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing omvattende kinder- en gesinsorgen - ondersteuningsdienste aan gemeenskappe te lewer. |

| NDP 2030-uitkomste | MTSR 2019-uitkomste | EenKaap2040 | Provinsiale strategiese Doelwitte | DMO-deelname in die Provinsiale Game Changer | Departmentele strategiese uitkomsgeoriënteer de doelwitte | Begrotingsprogram struktuur |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Maatskaplike beskerming Gesondheidsorg vir almal.<br><br>Om veiliger gemeenskappe te bou.<br><br>Nasiebou en maatskaplike kohesie. | 'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel.<br><br>'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners.<br><br>Alle mense in SuidAfrika is en voel veilig.<br><br>Om die samelewing te transformeer en die land te verenig | **Onderlingverbinde Kaap**: Erken en span die potensiaal van vennootskappe in<br><br>**Bewoonde Kaap:** Verskuif vanaf 'n fokus op behuising na een op dienste, gemeenskapinfrastruktuur en openbare vervoer. | Verhoog welstand en maak werk van maatskaplike euwels. | **Vermindering van alkoholverwante skade:** Versterk die gehalte van gesondheids- en maatskaplikedienste verwant aan alkohol. | Maak werk van maatskaplike euwels deur omvattende programme vir die voorkoming en rehabilitering van misdaad en middelmisbruik aan te bied. | **Program 4: Herstellende Dienste**<br>**Doel:** Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikemisdadvoorkomingen anti-middelmisbruikdienste aan die kwesbaarste mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing. |
| Om 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat te bou.<br><br>Maatskaplike beskerming.<br><br>Nasiebou en maatskaplike kohesie. | 'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelinggeoriënteerde staatsdiens.<br><br>Menswaardige indiensneming as gevolg van inklusiewe ekonomiese groei.<br><br>'n Vaardige en bevoegde werksmag om 'n inklusiewe | **Opgevoede Kaap:** Bestuur 'n doeltreffende en doelmatige onderwysstelsel volgens standaarde wat wêreldwyd aanvaar word.<br><br>Fasiliteer 'n stelsel wat saam daaraan werk om vernuwing te bewerkstellig. | Skep geleenthede vir groei en werk<br>.<br>Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeug-ontwikkeling. | - | Skep geleenthede deur gemeenskapontwikkelingsdienste. | **Program 5: Ontwikkeling en Navorsing**<br><br>**Doel**: Voorsien volhoubare ontwikkelingsprogramme wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer, gegrond op empiriese navorsing en demografiese inligting. |

| NDP 2030-uitkomste | MTSR 2019-uitkomste | EenKaap2040 | Provinsiale strategiese Doelwitte | DMO-deelname in die Provinsiale Game Changer | Departmentele strategiese uitkomsgeoriënteer de doelwitte | Begrotingsprogram struktuur |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Omgewingvolhoubaarheid en veerkragtigheid.<br><br>Ekonomie en indiensneming. | groeipad te ondersteun.<br><br>Omvattende landelike ontwikkeling. | **Ondernemende Kaap:** Kataliseer werk deur indiensnemingprogramme in die openbare sektor en fasiliteer die skep van maatskaplike ondernemings.<br><br>**Onderlingverbinde Kaap**: Erken en span die potensiaal van vennootskappe in. | | | | |

# 6 Departmentele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

| | |
|---|---|
| **Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 1** | **Verbeterde korporatiewe bestuursbeheer** |
| | **Doelwitverklaring:** Die departement implementeer doeltreffende en doelmatige sakeprosesse, met inbegrip van navorsing, beplanning, kennis en prestasiebestuur, en verbeter sodoende sy prestasie in die maatskaplike sector**.** |
| | **Regverdiging**: Om die integriteit van sakeprosesse aan die hand van deursigtige, inklusiewe besluitneming en gefokusde implementering gegrond op navorsing te verhoog, sowel as om monitering en verslagdoening in die hand te werk. Sakeprosesse, stelsels en die organisatoriese struktuur sal meer doeltreffend en doelmatig gemaak word ten einde die verbetering van dienslewering ter wille van almal in die provinsie op te skerp. |
| | **Koppelings:** Hierdie doelwit sluit aan by PSD 5: "Om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelliging van ruimtelike ooreenstemming vas te lê". Dit hou verder ook ten nouste verband met die NOP 2030-uitkomste – "Bou 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat" en "Beveg korrupsie" en die MTSR 2019-uitkomste: "'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens." |
| **Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 2** | **Versterk arm en kwesbare mense se maatskaplike funksionering deur maatskaplikewelsynsdienste** |
| | **Doelwitverklaring:** Versterk maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur gepaste ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynintervensies wat individue en gesinne versterk, in vennootskap met belanghebbers. |
| | **Regverdiging:** Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienste aan alle kwesbare individue en groepe te lewer met spesifieke verwysing na persone met gestremdhede, ouer persone en diegene wat buitengewone ontberings beleef. |
| | **Koppelings:** Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Dit sluit ook aan by nasionale uitkomste 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners"; nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel". |
| **Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 3** | **Omvattende kinder-, gesinsorg- en ondersteuningsdienste om die regte van kinders te beskerm en maatskaplike welsyn te bevorder** |
| | **Doelwitverklaring:** Gepaste kinder- en gesinsorg en ondersteuningsdienste en intervensies wat kinders en gesinne beskerm, ondersteun en hul ontwikkeling fasiliteer, in vennootskap met belanghebbers. |
| | **Regverdiging:** Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan alle kinders en gesinne te lewer ten einde die gesinstruktuur te behou. |
| | **Koppelings:** Hierdie doelwit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling" en PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Voorts vind dit aansluiting by nasionale uitkomste 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners"; nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens" |

| | |
|---|---|
| **Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 4** | **Maak werk van maatskaplike euwels deur omvattende programme vir die voorkoming van misdaad en die voorkoming en behandeling van middelmisbruik aan te bied** |
| | **Doelwitverklaring:** Verminder maatskaplike euwels deur die voorsiening van maatskaplikemisdaadvoorkoming-, proef- en middelmisbruikdienste wat risikofaktore verlaag en verantwoordelike, veerkragtige en produktiewe lede van die samelewing ontwikkel. |
| | **Regverdiging:** Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van gespesialiseerde proefdienste te bied aan persone wat met die gereg bots en hul slagoffers ten einde hul weerstand teen risikofaktore verwant aan maatskaplike misdaad te verhoog. |
| | **Koppelings:** Hierdie doelwit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling" en PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels" en stem ooreen met die Wes-Kaapse Game Changer vir die vermindering van alkoholverwante skade. Voorts vind dit aansluiting by nasionale uitkomste 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners"; nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens". |
| **Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 5** | **Skep geleenthede deur gemeenskapontwikkelingsdienste** |
| | **Doelwitverklaring:** Skep geleenthede vir individue en gemeenskappe om verhoogde maatskaplike en ekonomiese bemagtiging en veerkragtigheid te ontwikkel gegrond op empiriese navorsing. |
| | **Regverdiging**: Hierdie program het ten doel om maatskaplike inklusie te bevorder en armoede te verlaag deur toegang tot volhoubare gemeenskapsontwikkelingsprogramme te bied wat geleenthede vir almal skep om selfonderhoudend te word. |
| | **Koppelings:** Hierdie doelwit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling"; PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels" en PSD 5: "Om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelliging van ruimtelike ooreenstemming vas te lê." Voorts vind hierdie doelwit aansluiting by nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld." |

Let wel: Die aanwysers vir die strategiese doelwits en die meegaande beskrywings van daardie aanwysers word weerspieël in Bylae B: Tabelle ter beskrywing van tegniese aanwysers.

# 7 Oorsig van 2018/19 begroting en MTUR-ramings

## 7.1 Beraamde uitgawes

## Opsomming van betalings en ramings

| Program R'000 | Uitkomste | | | Hoof begroting | Aangesuiwerde begroting | Hersiene ramings | Mediumtermyn -raming | | | % verandering uit hersiene raming |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geouditeer 2014/15 | Geouditeer 2015/16 | Geouditeer 2016/17 | 2017/18 | 2017/18 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2017/18 |
| 1. Administrasie | 189 043 | 174 273 | 185 987 | 199 813 | 202 437 | 202 437 | **217 894** | 235 158 | 251 272 | 7.64 |
| 2. Maatskaplikewelsynsdienste | 634 864 | 719 877 | 768 382 | 850 242 | 841 269 | 841 269 | **896 905** | 955 235 | 1 006 946 | 6.61 |
| 3. Kinders en gesinne | 550 888 | 601 064 | 611 241 | 651 564 | 656 282 | 656 282 | **694 273** | 744 675 | 777 650 | 5.79 |
| 4.Herstellende dienste | 290 705 | 318 985 | 344 612 | 348 686 | 352 879 | 352 879 | **386 697** | 414 685 | 443 963 | 9.58 |
| 5. Ontwikkeling en navorsing | 68 342 | 77 873 | 49 771 | 56 669 | 57 654 | 57 654 | **45 895** | 44 624 | 47 334 | (20.40) |
| **Totale betalings en ramings** | **1 733 842** | **1 892 072** | **1 959 993** | **2 106 974** | **2 110 521** | **2 110 521** | **2 241 664** | **2 394 377** | **2 527 165** | **6.21** |

## Opsomming van betalings en ramings volgens ekonomiese klassifikasie

| | Uitkomste | | | Hoof begrotingti | Aangesuiwer de begroting | Hersiene raming | Mediumtermyn-ramings | | | % Veranderin g uit hersiene raming |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekonomiese klassifikasie R'000 | Geoudite er 2014/15 | Geoudite er 2015/16 | Geoudite er 2016/17 | 2017/18 | 2017/18 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2017/18 |
| **Lopende Betalings** | 749 914 | 800 018 | 873 204 | 936 665 | 930 490 | 930 976 | **1 008 803** | 1 090 105 | 1 163 858 | 8.42 |
| Vergoeding van werknemers | 571 040 | 620 270 | 678 650 | 752 769 | 743 479 | 743 479 | **812 267** | 874 960 | 938 383 | 9.25 |
| Goedere en diensste | 178 874 | 179 748 | 194 554 | 183 896 | 187 011 | 187 011 | **196 536** | 215 145 | 225 475 | 5.09 |
| **Oordragte en subsidies aan** | 955 013 | 1 063 154 | 1 057 639 | 1 138 533 | 1 148 573 | 1 148 573 | **1 198 476** | 1 267 957 | 1 324 994 | 4.34 |
| Departmentele agentskappe en rekeninge | 31 | 32 | 33 | 39 | 39 | 39 | **21** | 34 | 37 | (46.15) |
| Organisasies sonder winsbejag | 946 775 | 1 052 555 | 1 047 132 | 1 129 461 | 1 138 308 | 1 138 308 | **1 189 876** | 1 259 073 | 1 313 684 | 4.53 |
| Huishoudings | 8 207 | 10 567 | 10 474 | 9 033 | 10 226 | 10 226 | **8 579** | 8 850 | 11 273 | (16.11) |
| **Betalings vir kaptiaalbates** | 27 334 | 27 779 | 27 913 | 31 776 | 31 458 | 31 458 | **34 385** | 36 315 | 38 313 | 9.30 |
| Geboue en ander vaste strukture | 3 049 | | | | | | | | | |
| Masjinerie en toerusting | 24 285 | 27 766 | 27 913 | 31 776 | 31 443 | 31 443 | **34 385** | 36 315 | 38 313 | 9.36 |
| Sagteware en ander tasbare bates | - | 13 | - | - | 15 | 15 | **-** | - | - | (100.00) |
| **Betalings vir finansiële bates** | 1 581 | 1 121 | 1 237 | - | - | - | **-** | - | - | - |
| **Totale ekonomiese klassifikasie** | **1 733 842** | **1 892 072** | **1 959 993** | **2 106 974** | **2 110 521** | **2 110 521** | **2 241 664** | **2 394 377** | **2 527 165** | **6.21** |

## Verband tussen bestedingstendense en strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

Die Departement het sy prioriteite belyn met die nasionale uitkomstes en die PSD's, met die toewysing van fondse aan dienslewering in die prioriteitsgebiede van kindersorg en beskerming, ouer persone, persone met gestremdhede, dienste ten opsigte van middelmisbruik en jeugontwikkeling. Ons is daarop gemik om ons verhoogde statutêre verplilgtings na te kom wat voortspruit uit die afvaardiging en implementering van, onder andere, die Wet op Voorkoming van en Behandeling vir Middelmisbruik, Kinderwet, Wet op Geregtigheid vir Kinders, en Wet op Ouer Persone.

## Begrotingsbesluite

Die volgende begrotingsbesluite wat skakel met die beleidsprioriteite het die Departement se prioriteitsproses beīnvloed:

| Begrotingsbesluite | Sleutelrisiko's ten opsigte van begroting en dienslewering | Versagting van risiko |
|---|---|---|
| Nasionale Voorwaardelike toelae vir UOWP is verminder van R15.9 miljoen tot R1.48 miljoen. | • Vermindering van werksgeleenthede van 62.4 tot 62.5 wat vir 2018/19 voorspel word wat lei tot beperkte ondervinding in die werksplek, vaardigheidsopleiding en inkomste vir werklose persone. | • UOWP-kandidate wat nie in die program opgeneem word nie word verwys na die Jeugkafees en bestaande jeugontwikkelingsprogramme. Bykomende vier jeugkafees word vir 2018/19 beplan. |
| Benede inflasiekoerverhogings aan Maatskaplikewelsyn OSW's (minimum 3% eenheidskoste en 5.7% befondsing vir maatskaplike subsidie). | • OSW's sluit (insluitend CAFDA, SANCA Atlantis en Mitchells Plain, APD, Witzenberg, ACVV, Kinderwelsyn);<br>• DMO neem die dienste oor wat tot verdere stygings in die bestaande VvW tekort lei. | • Verdere vermindering van bewusmaking en vroeë intervensiedienste;<br>• Ontwikkeling van 'n gefokusde kinderbeskermingsvoorkomings- en vroeë intervensiestrategie;<br>• Implementering van die geīntegreerde Isibindi-model;<br>• DMO neem dienste oor wat voorheen deur OSW's geīmplementeer is en maak gebruik van oordragbefondsing. |
| Onvermoë om by te hou by die huidige VKO-basislyn (herregistrasie van VKO-registrasies wat voorheen verval het. | • Onvermoë om hergeregistreerde VKO's te befonds;<br>• Beperkte toegang tot gehalte VKO-dienste wat aan die minimum norme en standaarde voldoen. | • Gebruik voorwaardelike toelae befondsing om die hergeregistreerde VKO's te befonds. Aansoek is by die nasionale DMO in dié verband gedoen. |
| Onvermoë om die uitbreiding van persele in Fase 2 van die VKO-prioriteits-/spesiale program te implementeer ten einde gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. | • Onvermoë om die provinsiale projek tot 'n 100 VKO's uit te brei nie. | • Behou huidige dienste by bestaande 50 persele. |
| Onvermoë om die verhoudings van personeel (veral kinder-en jeugversorgers) tot kinders by beveiligde sorgfasiliteite wat aan norme en standaarde voldoen, te bereik. | • Risiko van verdere ernstige en skadelike insidente weens sekuriteits- en veligheidsrisiko's. | • Identifiseer kritieke poste wat gevul kan word (insluitend opvoeder en sekere kinder-en jeugsorgwerkers by fasiliteite);<br>• Geleidelike vermindering van die verhouding van kind tot kinder- en jeugsorgwerkers oor die MTUR. |
| Geen toename in bedspasie en eenheidskoste van skuilings vir hawelose volwassenes. | • Onvermoë am aan die huidige vraag na bedspasie te voldoen;<br>• Nienakoming van norme en standaarde. | • Behou die huidige basis. |

| Begrotingsbesluite | Sleutelrisiko's ten opsigte van begroting en dienslewering | Versagting van risiko |
|---|---|---|
| Geen toename in die bykomende 70 beddens vir kinders en volwassenes met verstandelike gestremdhede en riskante gedrag. | • Onvermoë om die Kabinet se resolusie ten opsigte van die hofsaak oor verstandelike gestremdhede te implementeer. | • Behou die huidige basis. |
| Benede inflasieverhogings vir Kinder- en Jeugsorgsentrums van OSW's. | • Onvermoë om aan norme en standaarde te voldoen. | • Behou die huidige basis;<br>• Interne herprioritisering. |

# DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE EN PROGRAMINLIGTING

# DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE EN PROGRAMINLIGTING

Hierdie deel van die JPP word gebruik om prestasieteikens vir die komende begrotingsjaar en vir die duur van die MTUR-tydperk te stel vir elk van die strategiese doelwitte wat in Deel B van die strategiese plan geïdentifiseer is. Prestasie-aanwysers wat die evaluering van die oorhoofse prestasie van elke program sal fasiliteer, word ook ingesluit.

Die tabel hieronder verteenwoordig die begrotingprogramstruktuur.

## Begrotingsprogramstruktuur 2018/19

| PROGRAM | SUBPROGRAM |
|---|---|
| **1. Administrasie** | 1.1. Kantoor van die LUR<br>1.2. Korporatiewe bestuursdienste<br>1.3. Distriksbestuur |
| **2. Maatskaplikewelsynsdienste** | 2.1. Bestuur en ondersteuning<br>2.2. Dienste vir ouer persone<br>2.3. Dienste vir persone met gestremdhede<br>2.4. MIV en VIGS<br>2.5. Maatskaplike noodleniging |
| **3. Kinders en Gesinne** | 3.1. Bestuur en ondersteuning<br>3.2. Sorg en dienste vir gesinne<br>3.3. Kindersorg-en-beskerming<br>3.4. VKO- en gedeeltelike sorg<br>3.5. Kinder-en-jeugsorgsentrums<br>3.6. Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders |
| **4. Herstellende Dienste** | 4.1. Bestuur en ondersteuning<br>4.2. Misdaadvoorkoming en ondersteuning<br>4.3. Slagofferbemagtiging<br>4.4. Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie |
| **5. Ontwikkeling en Navorsing** | 5.1 Bestuur en ondersteuning<br>5.2. Gemeenskapsmobilisering<br>5.3. Institusionele kapasiteitsbou en ondersteuning vir OSW's<br>5.4. Armoedeverligting en volhoubare bestaansmiddele<br>5.5. Gemeenskapsgebaseerde navorsing en beplanning<br>5.6. Jeugontwikkeling<br>5.7. Vroue-ontwikkeling<br>5.8. Bevordering van bevolkingsbeleid |

# 8 Program 1: Administrasie

## Doel van die program

Hierdie program omvat die strategiese bestuur- en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die departement, d.w.s. provinsiale, streek-, distrik- en fasiliteit/institusionele vlak.
Let wel: Die Sentrum vir Korporatiewe Dienste wat in die Departement van die Premier gesetel is, verskaf die volgende ondersteuningsdienste aan hierdie departement: Mensehulpbronbestuur.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

## PROGRAMBESKRYWING

## Subprogram 1.1 Kantoor van die LUR

## Doel van subprogram

Verskaf 'n politieke en wetgewende koppelvlak tussen die regering, burgerlike samelewing en alle ander tersaaklike belanghebbendes.

## Subprogram 1.2 Korporatiewe bestuursdienste

## Doel van subprogram

Lê bepalings neer vir die strategiese begeleiding en die oorhoofse bestuur en administrasievan die departement.

## Subprogram1.3 Distriksbestuur

## Doel van subprogram

Lê bepalings neer vir die desentralisering, bestuur en administrasie van dienste op distriksvlak binne die departement.

(Die opskrif Distrikbestuur word ooreenkomstig die nasionale begrotingstruktuur voorgeskryf. Die Wes-Kaapse DMO word egter op 'n streekkantoorbasis bedryf.)

## Programfokus

Gedurende hierdie boekjaar gaan Program 1 op die volgende strategiese terreine fokus:

- Die implementering van die departement se organisatoriese struktuur en organisatoriese herontwerpproses om die kapasiteit vir dienslewering en prestasiemonitering binne die beperkings van die plafon wat vir besteding aan die vergoeding van werknemers (VvW) gestel is;
- Om die kapasiteit van maatskaplike werkers, maatskaplikewerktoesighouers, maatskaplikewerk bestuurders en kinder-en jeugsorgwerkers te bou ten opsigte van die implementering van die Kinderwet; en
- Die verbetering van bestuurspraktyke binne die departement ten einde 'n ongekwalifiseerde ouditstatus ten opsigte van finansiële bestuur en voorafbepaalde doelwitte te handhaaf.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Om strategiese ondersteuningsdienste te voorsien ten einde goeie bestuursbeheer en dienslewering van gehalte te bevorder. |
| **Doelwitverklaring** | Om teen Maart 2020 strategiese ondersteuningsdienste te voorsien ten einde goeie bestuursbeheer en dienslewering van gehalte te bevorder. |
| **Basislyn** | Basislyn: Skoon oudit. |
| **Regverdiging** | Om die WKR se doeltreffendheid ten opsigte van verbeterde dienslewering te versterk. |
| **Koppelings** | Hierdie doelwit sluit aan by PSD 5: "Om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelliging van ruimtelike ooreenstemming vas te lê"; en departementele strategiese doelwit 1: "Verbeterde korporatiewe bestuursbeheer". Dit hou verder ook ten nouste verband met die NOP 2030-uitkomste: "Bou 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat" en "Beveg korrupsie" en die MTSR 2019-uitkomste: "'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens". |

| 1.2.1 Strategiese doelwit | Prestasie aanwyser vir Strategiese doelwit | Teiken volgens Strategiese Plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Om strategiese ondersteuningsdienste te voorsien ten einde goeie bestuursbeheer en dienslewering van gehalte te bevorder | OG se mening oor die geouditeerde finansiële state en verslag rakende die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting | Ongekwalifiseerde ouditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting nie | Skoon oudit | Skoon oudit | Skoon oudit | Skoon oudit | Ongekwalifiseerde ouditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting nie | Ongekwalifiseerde ouditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting nie | Ongekwalifiseerde ouditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting nie. |

## SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS[4]

## PROGRAMPRESTASIE-AANWYSERS

| Programprestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 1.2.1.1 | Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en maatskaplikewerkverwante beroepe | 34 | 25 | 25 | 25 | 25 | 25 | 25 |
| 1.2.1.2 | Getal interns verbonde aan die Premier se "bevordering van die jeug"- internskapprogram (PJB). | 20 | 20 | 20 | 20 | 20 | 20 | 20 |
| 1.2.1.4 | MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: jaarlikse prestasieplanne | Nuwe aanwyser | 3.5 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 |
| 1.2.1.5 | MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: korporatiewe bestuursbeheer van IKT | Nuwe aanwyser | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 |
| 1.2.1.6 | MPAT- vlak vir die prestatie-area: Verskaffingskettingbestuur. | MPAT: 4 SBOV: 3+ | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 |
| 1.2.1.7 | MPAT-vlak vir die prestasie-area: Uitgawebestuur. | MPAT: 3.8 SBOV: 3+ | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 |

[4] Sektoraanwysers wat nie gerapporteer word nie, word in Annxure E uiteengesit.

| Programprestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 1.2.1.8 | MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: Monitering | | | | Nuwe aanwyser | 3 | 3 | 3 |
| 1.2.1.9 | MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: Evaluering | | | | Nuwe aanwyser | 3 | 3 | 3 |

# Kwartaallikse ontleding

| Programprestasie-aanwyser | | PSD-skakels | Verslagdo eningtydp erk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | AkAkkumu latief/ Nie-akAkkumul atief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 1.2.1.1 | Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en maatskaplikewerkver wante beroepe | 5 | Kwartaallik s | 25 | 5 | 10 | 5 | 5 | A |
| 1.2.1.2 | Getal interns verbonde aan die Premier se "bevordering van die jeug"- internskapprogram (PJB). | 5 | Jaarliks | 20 | - | - | - | 20 | N-A |
| 1.2.1.4 | MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: jaarlikse prestasieplanne | 5 | Jaarliks | 4 | - | - | - | 4 | N-A |
| 1.2.1.5 | MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: korporatiewe bestuursbeheer van IKT | 5 | Jaarliks | 4 | - | - | - | 4 | N-A |
| 1.2.1.6 | MPAT- vlak vir die prestatie-area: Verskaffingskettingbe stuur. | 5 | Jaarliks | 4 | - | - | - | 4 | N-A |
| 1.2.1.7 | MPAT-vlak vir die prestasie-area: Uitgawebestuur. | 5 | Jaarliks | 4 | - | - | - | 4 | N-A |
| 1.2.1.8 | MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: Monitering | 5 | Jaarliks | 3 | - | - | - | 3 | N-A |
| 1.2.1.9 | MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: Evaluering | 5 | Jaarliks | 3 | - | - | - | 3 | N-A |

## 8.1 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

### Beraamde uitgawes
### Opsomming van betalings en beramings – Program 1: Administrasie

| | Uitkmoste | | | Hoof - begroting | Aangesuiwerde begroting | Hersiene raming | Mediumtermyn- raming | | | % Verandering uit hersiene raming |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Sub-program R'000** | **Geouditeer 2014/15** | **Geouditeer 2015/16** | **Geouditeer 2016/17** | **2017/18** | **2017/18** | **2017/18** | **2018/19** | **2019/20** | **2020/21** | **2017/18** |
| 1.1 Kantoor van die LUR | 6 777 | 5 864 | 6 418 | 6 503 | 6 715 | 6 715 | **7 267** | 7 778 | 8 204 | 8.22 |
| 1.2 Korporatiewe bestuursdienste | 132 189 | 114 989 | 122 274 | 124 918 | 127 196 | 127 205 | **134 395** | 147 747 | 159 107 | 5.65 |
| 1.3 Distriksbestuur | 50 077 | 53 420 | 57 295 | 68 392 | 68 526 | 68 517 | **76 232** | 79 633 | 83 961 | 11.26 |
| **Total e betalings en ramings** | **189 043** | **174 273** | **185 987** | **199 813** | **202 437** | **202 437** | **217 894** | **235 158** | **251 272** | **7.64** |

### Opsomming van betalings en ramings deur ekonomiese klassifikasie – Program 1: Administrasie

| | Uitkomste | | | Hooof-begroting | Aangesuiwerde begorting | Hersiene raming | Mediumtermyn-ramimg | | | % Verandering uit hersiene raming |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ekonomiese klassifikasie R'000** | **Geouditeer 2014/15** | **Geouditeer 2015/16** | **Geouditeer 2016/17** | **2017/18** | **2017/18** | **2017/18** | **2018/19** | **2019/20** | **2020/21** | **2017/18** |
| Lopende betalings | 175 792 | 161 715 | 176 325 | 188 073 | 191 248 | 191 248 | 206 233 | 222 844 | 238 280 | 7.84 |
| Vergoeding van werknemers | 136 858 | 128 648 | 144 279 | 155 507 | 157 108 | 157 108 | 169 810 | 182 375 | 195 693 | 8.08 |
| Goedere en dienste | 38 934 | 33 067 | 32 046 | 32 566 | 34 140 | 34 140 | 36 423 | 40 469 | 42 587 | 6.69 |
| Oordragte en subsidies aan | 723 | 1 802 | 845 | 557 | 92 | 92 | 5 | 5 | 6 | (94.57) |
| Departmentele agentskappe en rekeninge | 13 | 12 | 4 | 18 | 18 | 18 | 5 | 5 | 6 | (72.22) |
| Organisasies sonder winsbejag | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Huishoudings | 710 | 1 790 | 841 | 539 | 74 | 74 | - | - | - | (100.00) |
| Betalings vir kapitaalbates | 10 947 | 9 635 | 7 580 | 11 183 | 11 097 | 11 097 | 11 656 | 12 309 | 12 986 | 5.04 |
| Geboue en ander vaste strukture | 3 049 | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Masjinerie en toerusting | 7 898 | 9 622 | 7 580 | 11 183 | 11 082 | 11 082 | 11 656 | 12 309 | 12 986 | 5.18 |
| Sagteware en ander ontasbare bates | - | 13 | - | - | 15 | 15 | - | - | - | (100.00) |
| Betalings vir finansiële bates | 1 581 | 1 121 | 1 237 | - | - | - | - | - | - | - |
| **Totale ekonomiese klassifikasie** | **189 043** | **174 273** | **185 987** | **199 813** | **202 437** | **202 437** | **217 894** | **235 158** | **251 272** | **7.64** |

## Prestasie en bestedingstendense

Die departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en doelmatigste passing te verseker tussen gemeenskapsbehoeftes sowel as nasionale en provinsiale strategiese prioriteite, waarvan PSD 5: "Om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelliging van ruimtelike ooreenstemming vas te lê" en die DMO se strategiese doelwit 1 die beduidendste is.

In die loop van hierdie MTUR-tydperk gaan die volgende strategiese besluite 'n impak op die strategiese uitkomste hê:

- Implikasies van die Vergoeding van Werknemers (VvW):
  - Herorganiseer personeel om noodsaaklike dienste te prioritiseer (geīdentifiseerde behoefte vir koporatiewe dienste om maatskaplikewerkberoepspersone te ondersteun);
  - Minimale groei in die diensstaat oor die MTUR;
  - Onvermoë om die verhouding vir die vereiste maatskaplikewerker tot bevolkingsverhouding 1: 4 500 (nasionale norme van 'n verhouding van 1: 5000 vir stedelike en 2 500 in landelike gebiede) te handhaaf;
  - Nie-nakoming ten opsigte van die verhouding van kinder-en jeugsorgwerkers. Verhouding is 1:5. Onvermoë om die verhouding van kindersorgwerkers in beveiligde KJJS'e te verhoog; en
  - Onvermoë om die nodige administratiewe ondersteuningspersoneel aan streeks- en plaaslike kantore en die nuwe eenheid vir intellektuele gestremdheid te voorsien (OD-ondersoeke en aanbevelings het 'n behoefte vir groter kapasiteit geīdentifiseer.)
- Nasionale voorwaardelike toelae vir 37 maatskaplikewerkgraduandi: 2018/19 (R12.96 miljoen; 2019/20 (R14.01 miljoen); 2020/21 (R14.95 miljoen);
- Infrastruktuur: Uitbreiding van plaaslike kantore en instandhouding – afhanklikheid van gepaste terreine en die befondsing daarvan;
- Nakoming van norme en standaarde vir veilige kinder-en jeugsorgsentrums wat gebaseer is op die evaluering wat deur die Departement van Vervoer en Openbare Werk uitgevoer is.
- Hernuwing van Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT): vervanging van hardeware is verleng van vyf tot ses jaar met die moontlikheid van verdere verlengings van die hernuwingstydperk;
- Hersien die bepalings van sekuriteit en skoonmaakdienste waar DMO wettiglik verbind is om bo-inflasiestygings te implementeer byvoorbeeld sekuriteit en skoonmaakdienste (salarisvasstelling) Ondersoek alternatiewe vir sekuriteitsinisiatiewe;
- Geteikende kommunikasieveldtogte wat bewusmaking oor rehabilitasiestrategieë en beskikbare dienste verhoog; en
- Ontwikkeling van die OSW-bestuurstelsel om verhoogde doeltreffendheid en tydige maandelikse betalings aan OSW's te verseker.

Die verhoging van die hersiene raming van R202.437 miljoen in 2017/18 tot R217.894 miljoen in 2018/19 kan aan inflasiestygings vir VvW en bedryfsbesteding toegeskryf word. Die begrotingstoewysing word daarna tot 251.272 miljoen in 2020/21 verhoog.

## 8.2 Risikobestuur

Die volgende kritieke risiko's wat hieronder uiteengesit word, is toe te skryf aan die verlaging van die departement se basislyn oor die MTUR:

| Risiko | Versagting van risiko |
|---|---|
| • Risiko van litigasie indien die departement sou nalaat om sy statutêre mandate deur OSW-dienste of eie dienste na te kom. | • Verhoogde fokus op statutêre verpligtinge en klem om hierdie dienste tot op die vereiste standaarde te bring;<br>• Bevolkingsgroei moet in die Provinsiale Regering se billike deel in ag geneem word, aangesien dit alle belangrike diensleweringsdepartmente raak. |
| • Vermindering in die lewering van statutêre dienste deur OSW's kan moontlik tot 'n verhoogde vraag na DMO-dienste lei om gapings met hoër koste-implikasies te dek waarvoor tans nie voorsien word nie. | • 'n Nasionale Voorwaardelike Toelae vir vroeëkinderontwikkeling (VKO): R38.89 miljoen vir 2018/19, R41.07 miljoen vir 2019/20 en R43.82 miljoen vir 2020/21;<br>• Onder-inflasie teenoor geen stygings;<br>• Vermindering van befondsing vir nie-statutêre dienste. |
| • Toenemende vraag na eie dienste ten einde algehele diensleweringsdekking te verseker waar gapings deur die OSW-sektor gelaat word;<br>• Vermindering in die lewering van statutêre dienste deur OSW's.<br>• Vermindering van dienslewering van DMO-dienste;<br>• Groeiende vraag na dienste weens provinsiale bevolkingsgroei en toenemende armoede;<br>• Onvoldoende dekking van gebiede waar OSW's moes onttrek het.<br>• Onvermoë van die Departement om dienste te lewer weens 'n gebrek aan mensehulpbronkapasiteit. | • Herlei van hulpbronne na die OSW's om beter dekking te bewerkstellig;<br>• Herorganisering van menslehulpbronne om doeltreffendheid te verbeter (geïdentifiseerde behoefte vir ondersteuning van sterk korporatiewe dienste aan maatskaplikewerk operasionele spanne;<br>• Vermindering van die diensstaat oor die MTUR-tydperk weens verhogings laer as die voorgeskrewe persentasieverhogings wat aan die VvW deur Provinsiale Tesourie toegeken is. |
| • Fisiese toegang tot dienste word belemmer deur beperkte geografiese ligging weens die onbeskikbaarheid van gepaste kantoorgeboue;<br>• Vermindering van departmente se begrotings soos DVOW sal bykomende druk op DMO plaas (instandhouding van geboue);<br>• Reiskoste wat verband hou met diensleweringsbedrywighede vir personeel en kliënte verhoog weens die verlaagde voetspoor. | • Infrastruktuur: Diensstaat en instandhouding van plaaslike kantore;<br>• Gebruikerbatebestuursplan (U-AMP) moet deur 'n diensleweringsooreenkoms tussen DMO en DVOW ondersteun word. |
| • Nakoming van kontraktuele verpligtinge mag die uitgawe van dienslewering en OSW-verhogings raak waar DMO wettiglik verbind is om bo-inflasiestygings in sekere sektore te implementeer wat nie onder DMO-bestuur is nie, byv. sekuriteits- en skoonmaakdienste (salarisvasstelling). | • Hersien die bepalings van sekuriteit en skoonmaakdienste;<br>• Ondersoek alternatiewe vir sekuriteitsinisiatiewe byvoorbeeld 24-uur veiligheidswagte vir DLA's. |

# 9 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

## Doel van die program

Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan arm en kwesbare mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing.

## Subprogram 2.1 Bestuur en ondersteuning

## Doel van sub-program

Lê bepalings neer vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

## Subprogram 2.2 Dienste aan ouer persone

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir die versorging, ondersteuning en beskerming van ouer persone.

## Programfokus

Die program vir ouer persone volg 'n ontwikkelingsgerigte benadering en streef daarna om ouer persone vir solank as moontlik in hulle gesinne en gemeenskappe te hou. Die vernaamste doelwit van die program is om sorg, ondersteuning en beskerming aan ouer en kwesbare ouer persone in hul gemeenskappe te verskaf.

Deur behoeftes ooreenkomstig beskikbare hulpbronne te prioritiseer, sal die program op die volgende intervensies fokus:

- Deurlopende registrasie van residensiële sorgfasiliteite vir verswakte ouer persone;
- Registrasie van dienssentrums;
- Om gemeenskapsgebaseerde modelle te versterk en uit te brei;
- Om voort te gaan met dienssentrums, onafhanklike verblyf en bygestaande verblyf; en
- Om die befondsingsvlakke oor die MTUR te verhoog om sorg en ondersteuning aan ouer persone in residensiële fasiliteite en gemeenskapsgebaseerdesorg-ondersteuningsentrums te verseker as deel van die program se strategie om bestaande maatskaplikewelsynsdienste vir ouer persone in die provinsie te handhaaf en te ondersteun. Bykomende dienste vir ouer persone sluit in die beskerming van die regte van ouer persone. Gedagtig aan verskeie sosio-ekonomiese veranderlikes wat 'n negatiewe impak kan hê op die lewensgehalte en welstand van ouer persone sal die program daardie gespesialiseerde dienste handhaaf wat deur 'n verskeidenheid OSW-vennote gelewer word en wie vakkundiges op die terrein van maatskaplike dienste in diens het.

Die voormelde prioriteite stem ooreen met die statutêre verpligtinge wat in die Wet op Ouer Mense en sy regulasies vervat is sowel as die departement se voorneme om dienste van gehalte in hierdie verband te lewer.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Verseker toegang tot maatskaplike ontwikkelingsdienste van gehalte vir arm en kwesbare ouer persone. |
| **Doelwitverklaring** | Verseker toegang tot maatskaplike-ontwikkelingsdienste van gehalte deur teen Maart 2020 sorg, ondersteuning en beskerming aan 24 850 arm en kwesbare ouer persone in die Wes-Kaap te voorsien. |
| **Basislyn** | Getal kwesbare ouer persone met toegang tot maatskaplike-ontwikkelingsdienste van gehalte in die provinsie: 24 931 |
| **Regverdiging** | Die program vir ouer persone koördineer en fasiliteer toegang tot gehaltedienste met die oog daarop om kwesbare ouer persone in die provinsie te versorg, te ondersteun en te beskerm. Die departement het 'n wettige mandaat om dienste aan ouer persone te lewer ten einde nakoming van die Wet op Ouer Persone te verseker. |
| **Koppelings** | Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Dit sluit ook aan by nasionale uitkomste 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners"; nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter SuidAfrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel". Dit sluit ook aan by departementele strategiese doelwit 2: "Versterk arm en kwesbare mense se maatskaplike funksionering deur maatskaplikewelsynsdienste." Ander koppelings: Hierdie doelwit vind regstreeks aansluiting by die implementering van die Wet op Ouer Persone wat op 1 April 2010 in werking getree het. In sy voorsiening van gehaltedienste aan kwesbare ouer persone, gaan die program vennootskappe aan met vennote wat alle departementele programme, die OSW-sektor, ander staatsdepartemente, tersiêre instellings en plaaslike owerhede dek. |

| 2.2.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens strategiese plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Verseker toegang tot maatskaplike ontwikkelingdienste van gehalte vir arm en kwesbare ouer persone | Getal kwesbare ouer persone wat toegang tot maatskaplikeontwikkelingsdienste van gehalte in die provinsie verkry | 24 850 | 22 625 | 22 845 | 22 471 | 24 931 | 24 830 | 24 850 | 24 850 |

## SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS[5]

| Sektorprestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| **2.2.1.1** | Getal ouer persone wat toegang tot residensiële fasiliteite verkry | 8 988 | 8 419 | 8 693 | 9 000 | 9 000 | 9 000 | 9 000 |
| **2.2.1.2** | Getal ouer persone wat toegang tot gemeenskapgebaseerde versorging en ondersteuningsdienste verkry | 13 302 | 13 805 | 15 121 | 15 000 | 15 000 | 15 000 | 15 000 |

[5]. Ongerapporteerde sektoraanwysers word in Bylae E uitgestip.

## Kwartaallikse ontleding

| Sektorprestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagdoeningtydperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | AkAkkumulatief/ Nie-akAkkumulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| **2.2.1.1** | Getal ouer persone wat toegang tot residensiële fasiliteite verkry | 3 | Kwartaalliks | 9 000 | 9 000 | 9 000 | 9 000 | 9 000 | N-A |
| **2.2.1.2** | Getal ouer persone wat toegang tot gemeenskapge baseerde versorging en ondersteuningsdienste verkry | 3 | Kwartaalliks | 15 000 | 15 000 | 15 000 | 15 000 | 15 000 | N-A |

## PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| **2.2.1.3** | Getal ouer persone wat toegang verkry tot ondersteunende en onafhanklike inwoningsfasiliteite wat deur DMO befonds word | 335 | 621 | 656 | 931 | 830 | 850 | 850 |

## Kwartaallikse ontleding

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | PSG-SKAKELS | Verslagdoeningtydperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | AkAkkumulatief / Nie-akAkkumulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| **2.2.1.3** | Getal ouer persone wat toegang verkry tot ondersteunende en onafhanklike inwoningsfasiliteite wat deur DMO befonds word | 3 | Jaarliks | 830 | - | - | - | 830 | N-A |

## Subprogram 2.3 Dienste aan persone met gestremdhede

### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en voorsien dienste wat die bevordering van die welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van gestremde persone fasiliteer.

### Programfokus

Die program het 'n aantal fokusareas vir die MTUR geïdentifiseer:

- Fasiliteer die implementering van programme wat gemik is op die bevordering van die regte, bemagtiging en psigososiale welstand van persone met gestremde,veral diegene met veelvuldige gestremdhede;
- Fasiliteer die implementering van ouerskapsondersteuning- en bemagtigingsprogramme vir alle ouers en versorgers van kinders en jeugdiges met gestremdhede;
- Voorsien volgehoue ondersteuning aan Diensorganisasies vir Gestremde Persone (DSO's) en Organisasies vir Gestremde Persone (DPO's) deur ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan persone met gestremdhede en/of hul gesinne en/of versorgers te lewer;

- Gaan voort om ondersteuning te voorsien aan spesiale sorgsentrums vir kinders met ernstige intellektuele gestremdheid en om ‘n omvattende reeks dienste te lewer wat na die kind se fisiese, emosionele, ontwikkelende, sosiale en opvoedkundige behoeftes omsien;
- Die daarstelling/versterking van provinsiale en plaaslike ouerlike ondersteuning vir die ouers van kinders met ernstige gestremdhede in vennootskap met die OSW-sektor;
- Verposingsorgdienste wat individuele, buigsame, gesinsgerigte verligting aan gesinne lewer wat vir kinders met ontwikkelings- en of fisiese gestremdhede sorg deur middel van omvattende reeks dienste wat na die kind se fisiese, emosionele, ontwikkelende, sosiale en opvoedkundige behoeftes omsien;
- Fasiliteer die voorsiening van programme en dienste wat gewortel is in die Witskrif op die Regte van Persone met Gestremdhede.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Voorsiening van geïntegreerde programme en dienste aan persone met gestremdhede en hul gesinne/versorger |
| **Doelwitverklaring** | Om die voorsiening van geïntegreerde programme en dienste te fasiliteer ter bevordering van die regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van mense met gestremde en hul gesinne in die provinsie met die oog daarop om 79 628 mense teen Maart 2020 te bereik. |
| **Basislyn** | Getal persone met gestremdhede, hul gesinne/versorgers in die provinsie wat toegang tot ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste verkry: 79 404. |
| **Regverdiging** | Hierdie doelwit sal bydra tot die integrering en vooropstelling van gestremdheid sowel as die bemagtiging van mense met gestremdhede, hul gesinne/versorgers en gemeenskappe |
| **Koppelings** | Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Voorts vind dit aansluiting by nasionale uitkomste 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners"; nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens".<br>Ander koppelings: Hierdie doelwit hou regstreeks verband met die nasionale beleid oor die voorsiening van maatskaplikeontwikkelingsdienste aan mense met gestremdhede. Deur op 'n departementwye grondslag met alle vennote wat by die program vir gestremdes betrokke is, al ses streekskantore, die OSWsektor en ander departemente en plaaslike owerhede saam te werk, kan toegang tot gehaltedienste aan mense met gestremdhede gelewer word. |

| 2.3.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens strategiese plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Voorsiening van geïntegreerde programme en dienste aan persone met gestremdhede en hul gesinne/ versorgers | Getal persone met gestremdhede, hul gesinne/versorgers wat toegang tot ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste verkry | 79 628 | 59 870 | 85 475 | 97 977 | 79 404 | 79 628 | 79 628 | 79 628 |

## SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS

| Sektorprestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.3.1.1 | Getal residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede. | - | 33 | 34 | 35 | 37 | 37 | 37 |
| 2.3.1.2 | Getal persone met gestremdhede wat toegang tot residensiële fasiliteite verkry. | 1 414 | 1 421 | 1 702 | 1 803 | 1 882[6] | 1 882 | 1 882 |
| 2.3.1.3 | Getal persone met gestremdhede wat toegang tot befondsde beskermde werksessies verkry. | 2 530 | 2 815 | 2 813 | 2 875 | 2 885 | 2 885 | 2 885 |

## Kwartaallikse ontleding

| Sektorprestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagd oeningty dperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens 1st | 2nd | 3rd | 4th | Akkumulatief /Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.3.1.1 | Getal residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede. | 3 | Jaarliks | 37 | - | - | - | 37 | N-A |
| 2.3.1.2 | Getal persone met gestremdhede wat toegang tot residensiële fasiliteite verkry. | 3 | Kwartaalliks | 1 882 | 1 882 | 1 882 | 1 882 | 1 882 | N-A |
| 2.3.1.3 | Getal persone met gestremdhede wat toegang tot befondsde beskermde werksessies verkry. | 3 | Kwartaalliks | 2 885 | 2 885 | 2 885 | 2 885 | 2 885 | N-A |

## PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.3.1.4 | Getal persone met gestremdhede in DMO-befondsde gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme. | 603 | 874 | 831 | 854 | 861 | 861 | 861 |
| 2.3.1.5 | Getal persone wat toegang verkry tot DMO-befondsde OSW gespesialiseerde ondersteuningsdienste | 55 323 | 80 365 | 92 632 | 73 872 | 74 000[7] | 74 000 | 74 000 |

## Kwartaallikse ontleding

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagd oeningty dperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens 1st | 2nd | 3rd | 4th | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.3.1.4 | Getal persone met gestremdhede in DMO-befondsde gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme | 3 | Kwartaalliks | 861 | 861 | 861 | 861 | 861 | N-A |
| 2.3.1.5 | Getal persone wat toegang verkry tot DMO-befondsde OSW gespesialiseerde ondersteuningsdienste | 3 | Kwartaalliks | 74 000 | 18 000 | 18 000 | 18 000 | 20 000 | A |

[6] Die teiken sluit die getal kinders in spesiale dagsorgsentrums in wat voorheen nie getel is nie.

[7] Vermindering as gevolg van bepaalde kliënte wat vir bewusmakingsintervensies geteiken word in plaas van die algemene publiek.

## Subprogram 2.4 MIV en Vigs

### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde versorgingsprogramme en -dienste wat gemik is op die versagting van die maatskaplike en ekonomiese impak van MIV en verworwe immuniteitsgebreksindroom (VIGS).

### Programfokus

MIV/VIGS-intervensies en die begroting daarvoor word by die program vir kindersorg-en-beskerming geïntegreer.

## PRESTASIE-AANWYSER VIR SEKTORS[8]

## Subprogram 2.5 Maatskaplike noodleniging

### Doel van subprogram

Om te reageer op noodbehoeftes wat geïdentifiseer is in gemeenskappe wat deur verklaarde of onverklaarde rampe geraak word of deur enige ander maatskaplike toestand wat weens buitensporige ontbering veroorsaak is

### Programfokus

Die subprogram maatskaplike noodleniging fasiliteer toegang tot maatskaplike noodleniging (MNL), d.w.s. tydelike finansiële en materiële hulpverlening deur die staat aan mense wat in erge nood verkeer en wat nie in staat is om in hul eie of die basiese behoeftes van hul gesinne te voorsien nie. Die Wet op Maatskaplike Bystand, 2004 (Wet 13 van 2004) sit die kriteria uiteen waaraan individue moet voldoen om vir hierdie toekenning oorweeg te word.

Die subprogram maatskaplike noodleniging maak ook voorsiening vir diegene wat deur rampe geraak word, soos omskryf in die Rampbestuurswet, 2002 (Wet 57 van 2002). Die SuidAfrikaanse Maatskaplike Sekuriteitsagentskap Wes-Kaap (SASSA WK) is in beheer van die begroting vir hierdie twee MNL-kategorieë.

‘n Plan is onder die humanitêre ondersteuningstroom ontwikkel en handel oor die voorbereiding vir die negatiewe sosiale impakte wat met’n “Dag Zero” in dele van die provinsie gepaard sal gaan. Daar word voorsien dat werksverliese in die landbousektor gesinne en besighede onder ernstige druk sal plaas. Die DMO sal nou saamwerk met die Departement van Landbou en SASSA om te veseker dat hierdie gesinne aan maatskaplike noodlenigingsvoordele gekoppel word. Die Departement sal ook tot die gebeurlikheidsplanne vir water by 100 van sy befondsde residensiële fasiliteite binne die Stad Kaapstad bydra. Hierdie fondse sal die implementering van aanpassingsmaatreëls ten opsigte van klimaatsverandering soos die installering van boorgate of watertenke bewerkstellig. Die tweede fase van hierdie intervensie sal in die landelike gebiede van die provinsie bekendgestel word.

Die Departement lewer psigo-sosiale ondersteuningsdienste op ‘n gekoördineerde wyse aan alle slagoffers van rampe, veral aan kwesbare groepe soos kinders, persone met gestremdhede en ouer persone.

8. Ongerapporteerde sektoraanwysers word in Bylae E uitgestip.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Om toegang tot onmiddellike of tydelike maatskaplike noodlenigingsdienste te fasiliteer vir diegene wat deur rampe en buitensporige ontberings geraak word. |
| **Doelwitverklaring** | Om teen Maart 2020 toegang tot onmiddellike humanitêre noodleniging te fasiliteer aan 2 690 persone wat daarop geregtig is ten einde buitengewone ontberings en die impak van rampe te versag. |
| **Basislyn** | Getal persone wat toegang verkry het tot en na SASSA WK vir maatskaplike noodleniging of rampverligting verwys is 2 543. |
| **Regverdiging** | Om onmiddellike toegang tot humanitêre noodleniging te fasiliteer en om psigososiale berading tot beskikking te stel van diegene wat deur rampe geraak en/of aan buitengewone ontberings blootgesel word. |
| **Koppelings** | Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Dit vind ook aansluiting by die departement se strategiese doelwit 2:"Versterk arm en kwesbare mense se maatskaplike funksionering deur maatskaplikewelsynsdienste") en departementele strategiese doelwit 5: "Skep geleenthede deur gemeenskapontwikkelingsdienste". Hierdie doelwit word verwoord in die nasionale uitkomste: "Skep volhoubare menslike nedersettings en verbeter huishoudings se lewensgehalte" en nasionale uitkomste 13: skep "ŉ Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens".<br>Ander koppelings: Die VN se millenniumdoelwits en -strategieë wat vir die uitwissing en vermindering van armoede gestel is. |

| 2.5.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwysert vir Strategiese doelwit | Teiken volgens strategie se plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraam de prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Om toegang tot onmiddellike of tydelike maatskaplike noodlenigingsdienste te fasiliteer vir diegene wat deur rampe en buitensporige ontberings geraak word. | Aantal ramp- en ontberingsgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampvoordele verwys is | 2 690 | Nie verifieerbaar nie[9] | 3 556 | 3 504 | 2 543 | 2 570 | 2 690 | 2 830 |

## PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| **2.5.1.1** | Getal ontberingsgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampvoordele verwys is. | Nie verifieerbaar nie | 2 256 | 1 616 | 1 218 | 1 105 | 1 155 | 1 255 |
| **2.5.1.2** | Getal rampgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampverligting verwys is. | Nie verifieerbaar nie | 1 300 | 1 888 | 1 325 | 1 465 | 1 535 | 1 575 |

[9] The term "not verifiable" refers to the programme office that could not obtain supporting documentation from SASSA registers as well as records for all cases referred and is therefore unable to report reliable data for this indicator.

## Kwartaallikse ontleding

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagdoeningtydperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 2.5.1.1 | Getal ontberingsgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampvoordele verwys is. | 3 | Kwartaalliks | 1 1 05 | 280 | 290 | 290 | 245 | A |
| 2.5.1.2 | Getal rampgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampverligting verwys is. | 3 | Kwartaalliks | 1 465 | 356 | 387 | 376 | 346 | A |

## 9.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR

## Beraamde uitgawes Opsomming van betalings en ramings – Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

| | Uitkomste | | | Hoof begroting | Aangesuiwerde begroting | Hersiene raming | Mediumtermyn raming | | | % Verandering uit hersiene raming |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Subprogram R'000 | Geouditeerde 2014/15 | Geouditeerde 2015/16 | Geouditeerde 2016/17 | 2017/18 | 2017/18 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2017/18 |
| 2.1 Bestuur en ondersteuning | 370 425 | 388 516 | 409 787 | 446 870 | 438 576 | 438 576 | 480 080 | 519 515 | 553 320 | 9.46 |
| 2.2 Dienste aan ouer persone | 174 720 | 195 523 | 206 067 | 237 371 | 236 619 | 236 619 | 245 098 | 255 308 | 263 916 | 3.58 |
| 2.3 Dienste aan persone met gestremdhede | 89 719 | 134 130 | 150 454 | 163 765 | 161 990 | 161 990 | 169 708 | 178 100 | 187 052 | 4.76 |
| 2.5 Maatskaplike noodleniging | - | 1 708 | 2 074 | 2 236 | 4 084 | 4 084 | 2 019 | 2 312 | 2 658 | (50.56) |
| **Totale betalings en ramings** | **634 864** | **719 877** | **768 382** | **850 242** | **841 269** | **841 269** | **896 905** | **955 235** | **1 006 946** | **6.61** |

## Opsomming van betalings en ramings deur ekonomiese klassifikasie – Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

| Ekonomiese klassifikasie R'000 | Uitkomste | | | Hoof begroting | Aangesuiwerde begroting | Hersiene raming | Mediumtermyn raming | | | % Verandering van hersiene raming |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geouditeerde 2014/15 | Geouditeerde 2015/16 | Geouditeerde 2016/17 | 2017/18 | 2017/18 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2017/18 |
| Lopende betalings | 355 136 | 382 968 | 415 485 | 459 515 | 446 987 | 446 765 | 489 762 | 530 394 | 565 503 | 9.62 |
| Vergoeding van werknemers | 314 051 | 336 834 | 361 045 | 400 923 | 390 886 | 390 664 | 431 659 | 466 009 | 498 893 | 10.49 |
| Goedere en dienste | 41 085 | 46 134 | 54 440 | 58 592 | 56 101 | 56 101 | 58 103 | 64 385 | 66 610 | 3.57 |
| Oordragte en subsidies aan | 265 870 | 321 680 | 335 928 | 373 289 | 376 953 | 377 175 | 388 674 | 405 338 | 420 866 | 3.05 |
| Departmentele agentskappe en rekeninge | - | - | 7 | - | - | - | 6 | 6 | 7 | - |
| Organisasies sonder winsbejag | 264 439 | 320 964 | 334 867 | 373 189 | 376 496 | 376 496 | 388 614 | 405 275 | 420 799 | 3.22 |
| Huishoudings | 1 431 | 716 | 1 054 | 100 | 457 | 679 | 54 | 57 | 60 | (92.05) |
| Betalings vir kapitaalbates | 13 858 | 15 229 | 16 969 | 17 438 | 17 329 | 17 329 | 18 469 | 19 503 | 20 577 | 6.58 |
| Geboue en ander vaste strukture | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Masjinerie en toerusting | 13 858 | 15 229 | 16 969 | 17 438 | 17 329 | 17 329 | 18 469 | 19 503 | 20 577 | 6.58 |
| Betalings vir finansiële bates | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| **Totale ekonomiese klassifikasie** | **634 864** | **719 877** | **768 382** | **850 242** | **841 269** | **841 269** | **896 905** | **955 235** | **1 006 946** | **6.61** |

## Prestasie en bestedingstendense

Die departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en doelmatigste passing te verseker tussen gemeenskapsbehoeftes sowel as nasionale en provinsiale strategiese prioriteite, waarvan PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder" steeds die mees relevante is.

In die loop van hierdie MTUR-tydperk gaan die volgende strategiese besluite 'n impak op die strategiese uitkomste hê:

- Persone met gestremdhede: Uitbreiding van bedspasies vir kinders en volwassenes met intellektuele gestremdhede en uitdagings ten opsigte van gedrag;
- Indiensneming van maatskaplikewerkgraduandi deur die voorwaardelike toelae (Maatskaplikewerker-indiensnemingstoelae);
- Stygings in onder-inflasiekoers aan OSW's;
- Prioritisering van statutêre dienste en toenemende implementering van statutêre mandate; en
- Verskraling van niekernsakeprojekte en -aktiwiteite.

Die verhoging van die hersiene raming van R841.269 miljoen in 2017/18 tot R896.905 miljoen in 2018/19 is weens die uitbreiding van maatskaplikewelsynsdienste en die voorsiening aan OSW's. Die begrotingstoewysing word daarna met R1.007 miljard in 2020/21 verhoog.

## 9.2 Risikobestuur

| Risiko | Versagting van risiko |
|---|---|
| • Risiko van litigasie indien die departement nalaat om sy statutêre mandate deur OSW-dienste of eie dienste na te kom. | • Verhoogde fokus op statutêre verpligtinge en klem om hierdie dienste tot op die vereiste standaarde te bring;<br>• Bevolkingsgroei moet in die Provinsiale Regering se billike deel in ag geen word, aangesien dit alle belangrike diensleweringsdepartmente raak. |
| • Toenemende vraag na eie dienste ten einde algehele diensleweringsdekking te verseker waar gapings deur die OSW-sektor gelaat word;<br>• Vermindering van diensleweringsdekking engehalte weens:<br>  ◦ Afname in die lewering van OSW-statutêre dienste;<br>  ◦ Afname in dienslewering van DMO-dienste;<br>  ◦ Onvoldoende dekking van gebiede waar OSW's moes onttrek het.<br>• Groeiende vraag na dienste weens provinsiale bevolkingsgroei en toenemende armoede;<br>• Onvermoë van die Departement om dienste te lewer weens 'n gebrek aan mensehulpbronkapasiteit. | • Herlei van hulpbronne na die OSW's om beter dekking te bewerkstellig;<br>• Herorganisering van mensehulpbronne om doeltreffendheid te verbeter (geïdentifiseerde behoefte vir ondersteuning van sterk korporatiewe dienste aan maatskaplikewerk operasionele spanne;<br>• Vermindering van die diensstaat oor die MTUR-tydperk weens verhogings laer as die voorgeskrewe persentasieverhogings wat aan die VvW deur Provinsiale Tesourie toegeken is. |
| • Verminderde finansiële buigsaamheid wat tot 'n strenger kontantvloei sal lei wat moontlik kan lei tot:<br>  ◦ Wanbetaling van OSW's en ander kontrakteurs;<br>  ◦ Verhoogde administratiewe las wat met betalingskedules gepaardgaan. | • Nakoming van die formele DLO tussen die twee entiteite sal die gemeenskaplike diensleweringsrespons ten opsigte van die bekendstelling van MNL verstewig;<br>• Om die betalingsproses aan OSW's ooreenkomstig met Provnsiale Tesourie te hersien.<br>• Verbetering van kommunikasie tussen DMO en die OSW-sektor. |

## 10 Program 3: Kinders en gesinne

### Doel van die program

Om in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing omvattende kinder- en gesinsorg- en -ondersteuningsdienste aan gemeenskappe te lewer.

### Subprogram 3.1 Bestuur en ondersteuning

### Doel van subprogram

Lê bepalings neer vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

### Subprogram 3.2 Versorging van en dienste aan gesinne

### Doel van subprogram

Programme en dienste om funksionele gesinne te bevorder en kwesbaarheid in gesinne te verhoed.

## Programfokus

Gesinne is die kern van sorg in ons samelewing wat 'n toepaslike omgewing behoort te skep vir die fisiese, emosionele en sosiale ontwikkeling van alle gesinslede en alle kinders geniet dieselfde regte, met inbegrip van die reg tot ouer- en gesinsorg en beskerming.

Deur behoeftes ooreenkomstig beskikbare hulpbronne te prioritiseer en met inagneming dat alle ander programme hul dienste binne 'n gesinsverband lewer, gaan hierdie program in die komende boekjaar op die volgende fokus:

- Ontwerp van 'n provinsiale konsepstrategie vir voorkoming en vroeë intervensie;
- Lewering van genoegsame en die verspreiding van noodsaaklik voorkomings- en vroeë intervensieprogramme, gesinsbevordering- en bewaringsdienste, terapeutiese programme en bemiddelingsdienste;
- Lewering van geteikende intervensies toepaslik vir alle ouderdomsgroepe en vroeë intervensiedienste vir kwesbares en kinders in gevaar;
- Voorsiening van veilige skuilings wat programme bied wat daarop gemik is om hawelose volwassenes in hul gesinne en gemeenskappe van oorsprong te rehabiliteer, te herenig en te herintegreer; en
- Die toepassing van norme en standaarde vir dienste aan gesinne en skuilings vir hawelose volwassenes deur die implementering van die Raamwerk vir Gehalteversekeringsbeleid.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Geïntegreerde en geteikende intervensies wat op die bou van veerkragtige gesinne fokus |
| **Doelwitverklaring** | Om gesinne sowel as gemeenskapsintervensies te ondersteun en te versterk waar hierdie intervensies maatskaplike kohesie in die hand werk deurdat hulle op 'n geïntegreerde en geteikende wyse daarop fokus om 22 241 gesinne se veerkragtigheid op te bou en teen Maart 2020 daardie gesinne se lewensgehalte te verbeter. |
| **Basislyn** | Die getal gesinne wat toegang het tot en deelneem aan ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste wat ten doel het om die behoud van gesinne te bevorder: 20 486. |
| **Regverdiging** | Sterk gesinne verbeter die oorlewingskans van die individuele lede wat tot daardie gesin behoort. Dienste wat aan gesinne gelewer word, spruit uit 'n benadering wat daarop neerkom dat gesinne versterk moet word, en volgens hierdie raamwerk word die gesin erken as die mees fundamentele faktor wat 'n impak op die lewens en uitkomste van kinders het; en dat 'n gesin slegs sterk kan staan en kan floreer wanneer hulle deur die omliggende buurt en gemeenskap ondersteun word. |
| **Koppelings** | Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Dit sluit ook aan by departementele strategiese doelstelling 2.<br>Voorts vind dit aansluiting by Nasionale Uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en Nasionale Uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens". |

| 3.2.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens strategiese plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Geïntegreerde en geteikende intervensies wat op die bou van veerkragtige gesinne fokus. | Die getal gesinne wat toegang verkry tot ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsyndienste wat gesinne en gemeenskappe versterk. | 22 241 | 23 490 | 24 143 | 22 284 | 20 486 | 20 996 | 22 241 | 22 890 |

## SEKTORPRESTASIE -AANWYSERS

| Sektorprestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 3.2.1.1 | Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is. | 422 | 412 | 647 | 425 | 700 | 750 | 800 |

## Kwartaallikse ontleding

| Sektorprestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagd oeningty dperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 3.2.1.1 | Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is. | 3 | Kwartaalliks | 700 | 200 | 200 | 150 | 150 | A |

## PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 3.2.1.2 | Getal staatsgesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes. | 1 398 | 1 368 | 1 371 | 1 391 | 1400 | 1420 | 1440 |
| 3.2.1.3 | Aantal gesinne wat in gesinsbehouds- en ondersteuningsdienste deelneem | 14 160 | 14 931 | 14 010 | 20 061 | 20 296 | 21 491 | 22 090 |

## Kwartaallikse ontleding

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Reporting period | Annual target 2018/19 | Kwartaallikse targets | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 3.2.1.2 | Getal staatsgesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes. | 3 | Jaarliks | 1 400 | - | - | - | 1400 | N-A |
| 3.2.1.3 | Aantal gesinne wat in gesinsbehouds- en ondersteuningsdienste deelneem | 3 | Kwartaalliks | 20 296 | 5 037 | 5 208 | 5 555 | 4 496 | A |

## Subprogram 3.3 Kinderversorging- en beskerming

### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en dienste wat voorsiening maak vir die ontwikkeling, versorging en beskerming van die regte van kinders.

### Programfokus

Hierdie departement se vernaamste wetgewende mandate is in hierdie program gesetel. Juis daarom word daar grotendeels daarop gefokus om te verseker dat die basiese vereistes vir alle statutêre dienste ooreenkomstig die Kinderwet geïmplementeer en doeltreffend gemoniteer word. Gegewe beskikbare hulpbronne is intervensies as volg geprioritiseer:

- Voorkomende dienste – ouerskapverantwoordelikhede en regte, openbare opvoeding wat fokus op burgerlike verantwoordelikheid en die verpligting om kinderverwaarlosing te rapporteur sodat kindermishandeling en verwaarlosing asook uitbuiting voorkom kan word;
- Vroeë intervensiedienste – voorsien ‘n reeks programme vir kinder in gevaar, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot:
  - Ontwikkelingsprogramme vir adolossente;
  - Programme vir kinders wat gedrags-, sielkundige en emosionele uitdagings ervaar;
  - Programme teen boelie/geen boelie;
  - Trauma- en doodsberading; en
  - Ondersteuning aan onbegeleide en verwyderde kinders van migrante
- Statutêre dienste vir kinders wat behoefte aan sorg en beskerming het. Daar sal gefokus word op:
  - Veiligheids- en risikobestuur;
  - Tydelike veilige sorg van kinders in gevaar;
  - Kinders in pleegsorg; implentering van ‘n Provinsiale Aannemingsbestuursplan en die Kluster-aannemingsimplementeringsplan;
  - Aannnemingsdienste vir kinders; en
  - Oordragsorg en ondersteuningsprogramme vir kinders wat alternatiewe verlaat.
- Lewering van nasorgdienste:
  - Dienste ten opsigte van hereniging en nasorg; en
  - Toepassing van norme en standaarde ingevolge die Kinderwet deur die implementering van die Raamwerk vir die Gehalteversekeringsbeleid.
- Vooortgesette lewering van opleiding aan maaskaplikedienspraktisyne oor aangeleenthede wat verband hou met die implementering van die Kinderwet.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Om die voorsiening van 'n kontinuum van dienste te fasiliteer wat die welstand van kinders bevorder en die veerkragtigheid van gesinne en gemeenskappe opbou om vir hulle kinders te sorg en hulle te beskerm. |
| **Doelwitverklaring** | Investeer in en verseker dat dienste van gehalte gelewer word aan kinders, met inbegrip van daardie kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het, deur die lewering van 'n kontinuum van dienste te fasiliteer waar hierdie dienste die welstand van 10 356 kinders en gesinne teen Maart 2020 bevorder. |
| **Basislyn** | Getal kinders en gesinne in die provinsie wat toegang tot versorging- en beskermingsdienste verkry: 8 723. |
| **Regverdiging** | Dra by tot 'n afname in die getal aangemelde gevalle van kindermishandeling;<br>Dra by tot 'n verbetering in gesinne en gemeenskappe se bevoegdheid en veerkragtigheid om na hulle kinders om te sien en hul kinders te beskerm;<br>Dra by tot die beskerming en ontwikkeling van kinders; en<br>Dra daartoe by dat geleenthede vir groei en werkskepping geskep word met die oog daarop om werk te maak van uitdagings verwant aan 'n gebrekkige inkomste. |
| **Koppelings** | Hierdie doelwit vind aansluiting by die departement se strategiese doelwit 3 aangesien hierdie dienste ten doel het om kinders, gesinne en gemeenskappe sterker te maak.<br>Die departement se doelwitte hou ook regstreeks verband met nasionale uitkomste: "Skep 'n beter Suid-Afrika, 'n beter Afrika en 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens".<br>Voorts vind dit aansluiting by PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." |

| 3.3.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens strategiese plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Om die voorsiening van 'n kontinuum van dienste te fasiliteer wat die welstand van kinders bevorder en die veerkragtigheid van gesinne en gemeenskappe opbou om vir hulle kinders te sorg en hulle te beskerm | Getal kinders en gesinne in die provinsie wat toegang tot beskermingsdienste verkry. | 10 356 | 11 435[10] | 7 573 | 7 503 | 8 723 | 10 494 | 10 356 | 10 868 |

## SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS[11]

| Sektorprestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 3.3.1.1 | Getal kinders wat in pleegsorg geplaas is | 3 507 | 3 702 | 4 121 | 3 150 | 3 460 | 3 655 | 3 670 |

[10] Change in the budget structure. ECD targets were previously included.

[11] Sector indicators not reported on are detailed in Annexure E.

## Kwartaallikse ontleding

| Sektorprestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagdoeningtydperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 3.3.1.1 | Getal kinders wat in pleegsorg geplaas is | 3 | Kwartaalliks | 3 460 | 880 | 895 | 850 | 835 | A |

## PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 3.3.1.2 | Getal kinders wat met hul gesinne of alternatiewe versorgers herenig is. | 416 | 413 | 387 | 403 | 414 | 421 | 428 |
| 3.3.1.3 | Getal ouers en versorgers wat oueropvoeding- en -opleidingsprogramme voltooi het. | 5 721 | 3 458 | 2 995 | 3 320 | 3 360 | 3 045 | 3 500 |
| 3.3.1.4 | Getal ondersoeke om te bepaal of 'n kind behoeftig vir sorg en beskerming is wat nie deur 'n Kinderhof aanhangig gemaak is nie. | - | - | Nuwe aanwyser | 3 000 | 4 770 | 4 935 | 4 960 |
| 3.3.1.5 | Getal Kinderhofnavrae wat geopen is (ondersoeke wat deur die Kinderhof geïnisieer). | - | Nuwe aanwyser | 1 883 | 2 000 | 1 950 | 1 955 | 1 980 |
| 3.3.1.6 | Getal Vorm 38-verslae deur aangewese maatskaplike werkers by die Kinderhof ingedien. | - | Nuwe aanwyser | 2 623 | 3 800 | 3 130 | 3 242 | 3 262 |
| 3.3.1.7 | Getal Kinderhofnavrae afgehandel. | - | Nuwe aanwyser | 2 806 | 3 800 | 2 613 | 2 628 | 2 658 |

## Kwartaallikse ontleding

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagdoeningtydperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 3.3.1.2 | Getal kinders wat met hul gesinne of alternatiewe versorgers herenig is. | 3 | Kwartaalliks | 414 | 84 | 108 | 121 | 101 | A |
| 3.3.1.3 | Getal ouers en versorgers wat oueropvoeding- en -opleidingsprogramme voltooi het. | 3 | Kwartaalliks | 3 360 | 407 | 457 | 358 | 2 138 | A |
| 3.3.1.4 | Getal ondersoeke om te bepaal of 'n kind behoeftig vir sorg en beskerming is wat nie deur 'n Kinderhof aanhangig gemaak is nie. | 3 | Kwartaalliks | 4 770 | 1 154 | 1 257 | 1 237 | 1 122 | A |
| 3.3.1.5 | Getal Kinderhofnavrae wat geopen is (ondersoeke wat deur die Kinderhof geïnisieer) | 3 | Kwartaalliks | 1 950 | 496 | 499 | 492 | 463 | A |
| 3.3.1.6 | Getal Vorm 38-verslae deur aangewese maatskaplike werkers by die Kinderhof ingedien. | 3 | Kwartaalliks | 3 130 | 777 | 823 | 769 | 761 | A |
| 3.3.1.7 | Getal Kinderhofnavrae afgehandel. | 3 | Kwartaalliks | 2 613 | 600 | 682 | 704 | 627 | A |

## Subprogram 3.4 VKO en gedeeltelike sorg

### Doel van subprogram

Om omvattende dienste vir vroeëkinderontwikkeling te verskaf .

### Prograamfokus

Die volgende vername intervensie-areas is vir die volgende drie tot vyf jaar geprioritiseer met die oog daarop om toeganklikheid en gehalte te verbeter:

- Fasiliteer gepaste VKO-dekking binne die provinsie (met insluiting van lewering via sentrums en buite sentrums) deur 'n voorsieningsplan te ontwikkel wat as 'n beplanning- en begrotingsinstrument kan dien;
- Verbeter die gehalte van VKO by geteikende VKO-persele waar skoolgereedheid power is in samewerking WKOD met die oog daarop om sodoende kinders se opvoedkundige uitkomste te verbeter;
- Verbeter gehalte van voeding by VKO-persele in vennootskap met departement van gesondheid;
- Ondersteun die vooropstelling van kinders met gestremdhede by sekere VKO-persele deur opleiding te verskaf, onderwysers te ontwikkel en ouers te betrek en te ondersteun sowel as deur gepaste toerusting en infrastruktuur ter ondersteuning te verskaf;
- Volgehoue gehalte-verbetering in VKO in vennootskap met ander departemente en rolspelers deur onderwysers op te lei, te ontwikkel, te mentor en te ondersteun; implementeer die kurrikulumraamwerk vir kinders tussen die ouderdomme 0-4 jaar; registreer en implementeer op-perseel en buite leerprogramme; moniteer programverbeterings sowel as nakoming van norme en standaarde;
- Prioritiseer voorwaardelik geregistreerde VKO-gedeeltelikesorgfasiliteite deur middel van die voorwaardelike toelae vir die instandhouding van klein infrastruktuur
- Streef daarna om bykomende hulpbronne te bekom ten einde naskoolse sorgsentrums (NSS) en gehalte programme in vennootskap met die provinsiale Naskoolse Game Changer oor die MTUR te mobiliseer; en
- Fasiliteer en ondersteun registrasie en herregistrasie van programme van gedeeltelikesorgfasiliteite en VKO's om toegang tot gehaltedienste te verbeter.

Die Departement sal die volgende projekte prioritiseer:

- In samewerking met die DvG, 'n fokus op die eerste duisend dae met die oog daarop om omvattende dienste aan jong kinders te lewer;
- Oueronderstеuningsprogramme;
- Voortgesette registrasie van VKO-programme in vennootskap met die WKOD; en
- 'n Spesiale program vir Engels en kognitiewe ontwikkeling by terreine waar skoolgereedheid swak is.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Fasiliteer 'n koesterende, sorgsame en veilige omgewing waarin kinders kan oorleef sowel as fisies gesond, verstandelik helder, emosioneel beveilig en sosiaal bedrewe kan wees en in staat is om te leer. |
| **Doelwitverklaring** | Belê in en verseker teen Maart 2020 VKO- en naskoolse versorgingsdienste van gehalte wat die veiligheid en ontwikkeling van 88 000 kinders bevorder. |
| **Basislyn** | Getal kinders en gesinne in die provinsie wat toegang tot sorg- en ontwikkelingsdienste verkry: 88 000. |
| **Regverdiging** | Om 'n middel daar te stel vir vroeë intervensie en kinderbeskerming;<br>Om die basis vir die verbetering van skoolresultate te vorm en 'n grondslag vir lewenslange leer te lê;<br>'n Middel om kinderarmoede te verlaag; en<br>'n Geleentheid om die vaardighede en bevoegdhede te ontwikkel wat vir ekonomiese geleenthede in latere jare benodig word. |
| **Koppelings** | Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels" en PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling".<br>Hierdie doelwit vind aansluiting by die departement se strategiese doelwit 3 aangesien hierdie dienste ten doel het om voort te bou op kinders, gesinne en gemeenskappe se sterkpunte.<br>Die departement se doelwitte hou ook regstreeks verband met nasionale uitkomste: "Verbeter die gehalte van basiese onderwys" en "Skep 'n beter Suid-Afrika, 'n beter Afrika en 'n beter wêreld" en nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens".<br>Vind ook aansluiting by die strategiese doel om "korporatiewe bestuursbeheer te verbeter" aangesien daar van organisasies verwag word om aan wetgewing en aan die voorwaardes vir befondsing te voldoen. |

| 3.4.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens strategiese plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Fasiliteer 'n koesterende, sorgsame en veilige omgewing waarin kinders kan oorleef sowel as fisies gesond, verstandelik helder, emosioneel beveilig en sosiaal bedrewe kan wees en in staat is om te leer. | Getal kinders in die provinsie wat toegang tot VKO- en nasorgdienste verkry. | 88 000 | 83 871 | 86 294 | 75 285 | 88 000 | 88 000 | 88 000 | 88 000 |

## SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS[12]
## PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teiken 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3.4.1.1 | Getal kinders in befondsde VKO-dienste.[13] | 77 649 | 78 359 | 68 887 | 81 000 | 81000 | 81000 | 81000 |
| 3.4.1.2 | Getal kinders in befondsde NSS-dienste.[14] | 6 222 | 7 935 | 6 398 | 7 000 | 7 000 | 7 000 | 7 000 |
| 3.4.1.3 | Getal geregistreerde gedeeltelikesorgfasiliteite.[15] | 1 909 | 1 708 | 1 872 | 1 850 | 1 900 | 1 900 | 1 900 |

## Kwartaallikse ontleding

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagd oeningty dperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens 1st | 2nd | 3rd | 4th | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3.4.1.1 | Getal kinders in befondsde VKO-dienste. | 2, 3 | Jaarlikse | 81 000 | - | - | - | 81000 | N-A |
| 3.4.1.2 | Getal kinders in befondsde NSS-dienste. | 3 | Jaarlikse | 7 000 | - | - | - | 7 000 | N-A |
| 3.4.1.3 | Getal geregistreerde gedeeltelikesorgfasiliteite | 3 | Kwartaalliks | 1 900 | 1 900 | 1 900 | 1 900 | 1 900 | N-A |

## Subprogram 3.5 Kinder-en jeugsorgsentrums

### Doel van subprogram

Verskaf alternatiewe sorg en ondersteuning vir kwesbare kinders.

### Programfokus

Skep 'n bevorderlike en versterkte residensiële omgewing vir kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming aan die hand van 'n multiprogram- en gespesialiseerde diensmodel waar bemagtiging en ontwikkeling help om goedgebalanseerde en toegeruste burgers by die samelewing te herintegreer.

Gegewe beskikbare hulpbronne is intervensies as volg geprioritiseer:

- 'n Voorsieningsplan vir KJSS'e in die Wes-Kaap oor die hele spektrum van kinders met 'n behoefte aan sorg-en-beskermingsdienste wat by wyse van profielsamestellings op geïdentifiseerde gapings fokus (voorsiening van skaarsprogramme);
- Registrasie van KJSS'e;
- Hernuwing van registrasie van KJSS'e;
- Doeltreffende gesentraliseerde plasingsbestuur ten einde toelating tot die korrekte program ooreenkomstig die bepalings van die Kinderwet ten opsigte van die benoeming van KJSS'e te verseker. Maak seker dat 'n gesentraliseerde register vir alle kinders in residensiële alternatiewe sorg en hul verskuiwings in plek is. Sif aansoeke vir kinders om na 'n hoër vlak van sorg te verskuif om te verseker dat kinders in die minsbeperkende, mees bemagtigende sorg geplaas word;
- Voorsiening van die volgende vlakke van sorg:
  - Vlak 2 – KJSS'e vir kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming, toetreevlak-middelmisbruikbehandeling, kroniese siektes, matige gestremdhede, matige behoeftes

---

[12] Sector indicators not reported on are detailed in Annexure E.

[13] Programmes and services are used interchangeably.

[14] Change in Indicator from ASC programme to ASC service. This indicator counts the number of children accessing registered and funded After School Care (ASC) services which include ASC Partial Care Facilities (which are funded individually) and ASC programmes which are separately registered, but funded and managed via ASC service providers.

[15] Of this number, approximately 10% are registered ASC partial care facilities.

aan gedragsbestuur en matige geestesgesondheidsbehoeftes wat hoofsaaklik deur verskaffers van befondsde dienste gelewer gaan word;
- Vlak 3 – beveiligde sorg ingevolge die Kinderwet vir kinders met akute gedragsbestuurbehoeftes (met inbegrip van middelmisbruik en kriminele gedrag) deur DMO-bestuurde en uitbestede kinder-en-jeugsorgdienste; en
- Vlak 4 – beveiligde sorg ingevolge die Wet op Geregtigheid vir Kinders, met inbegrip van ‘n holistiese residensiëlesorgprogram.

- Voorsiening van programme soos beskryf in artikel 191 van die Kinderwet na gelang van behoefte. Ontwikkelingsgerigte, terapeutiese en rekreasieprogramme sal deur elke KJSS voorsien word; en
- Verseker KJSS'e se nakoming van norme en standaarde deur middel van gesentraliseerde ondersteuning, assessering, opleiding en gehalteversekeringsprosesse.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Fasiliteer die voorsiening van programme vir alternatiewe sorg en ondersteuning vir kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het. |
| **Doelwitverklaring** | Belê in en verseker residensiële sorgdienste van gehalte vir 3 380 kinders met ‘n behoefte aan sorg en beskerming teen Maart 2020. |
| **Basislyn** | Getal kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming wat in befondsde kinder-en-jeugsorgsentrums geplaas is: 3 210. |
| **Regverdiging** | Dra by tot alternatiewe sorg-, beskerming- en ondersteuningsopsies vir kinders waar daar bevind is dat hulle 'n behoefte aan sorg en beskerming het. |
| **Koppelings** | Sluit aan by PSD 3, "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels", sowel as departementele strategiese doelwit 3 in soverre dienste daarop afgestem is om sorg, beskerming en ondersteuning te verseker vir daardie kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het.<br>Die departement se doelwitte hou ook regstreeks verband met nasionale uitkomste: "Skep 'n beter Suid-Afrika, 'n beter Afrika en 'n beter wêreld." Voorts vind hierdie doelwit aansluiting by nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens". |

| 3.5.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens strategiese plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Fasiliteer die voorsiening van programme vir alternatiewe sorg en ondersteuning vir kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het. | Getal kinders wat in residensiële sorg ingevolge die Kinderwet geplaas is. | 3 380 | 453 | 603 | 3 431 | 3 210 | 3 380 | 3 380 | 3 380 |

## SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS[16]
## PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 3.5.1.1 | Getal kinders in residensiële sorg wat ingevolge die Kinderwet in KJSS'e van befondsde OSW's geplaas is. | 277 | 358 | 2 875 | 2 880 | 2 880 | 2 880 | 2 880 |
| 3.5.1.2 | Getal kinders wat ingevolge die Kinderwet in eie en uitbestede KJSS'e geplaas is. | 176 | 245 | 556 | 330 | 500 | 500 | 500 |

## Kwartaallikse ontleding

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagdoeningtydperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 3.5.1.1 | Getal kinders in residensiële sorg wat ingevolge die Kinderwet in KJSS'e van befondsde OSW's geplaas is. | 3 | Kwartaalliks | 2 880 | 2 112 | 256 | 256 | 256 | A |
| 3.5.1.2 | Getal kinders wat ingevolge die Kinderwet in eie en uitbestede KJSS'e geplaas is. | 3 | Kwartaalliks | 500 | 305 | 65 | 65 | 65 | A |

## Subprogram 3.6 Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders

### Doel van subprogram
Verskaf beskerming, sorg en ondersteuning aan kwesbare kinders in gemeenskappe.

### Programfokus
Die Isibindi-program is evalueer en die verslag sal in die 2017/18-boekjaar ter tafel gelê word. Dit sal die weg vorentoe bepaal.

### STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Fasiliteer die voorsiening van gemeenskapsgebaseerde kinder-en-jeugsorgdienste om toegang deur meer kwesbare kinders te verbeter. |
| **Doelwitverklaring** | Fasiliteer die voorsiening van gemeenskapsgebaseerde kinder-en-jeugsorgdienste om teen Maart 2020 toegang deur meer kwesbare kinders te verbeter. |
| **Basislyn** | Getal leerling-KJSW's wat opleiding deur Isibindi-model ontvang: 75. |
| **Regverdiging** | Voorsiening van werksgeleenthede vir jeug- en gemeenskapsgebaseerde kinderbeskermingsdienste. |
| **Koppelings** | Hierdie doelwit sluit aan by departementele strategiese doelwit 3 in soverre dienste daarop gemik is om sorg, beskerming en ondersteuning te verseker vir kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het.<br>Die departement se doelwitte hou ook regstreeks verband met nasionale uitkomste: "Skep 'n beter Suid-Afrika, 'n beter Afrika en 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens".<br>Sluit aan by PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." |

[16] Sector indicators not reported on are detailed in Annexure E.

| 3.6.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens strategiese plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Fasiliteer die voorsiening van gemeenskap-gebaseerde kinder-en-jeugsorg-dienste om toegang deur meer kwesbare kinders te verbeter. | Getal gemeenskap-gebaseerde kinder-en-jeugsorgwerkers wat opgelei is om die Isibindi-program vir kwesbare kinders aan te bied. | 75 | 123 | 102 | 75 | 25 | -[17] | - | - |

## SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS[18]

| Sektorprestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 3.6.1.1 | Getal leerling-kinder-en-jeugsorgwerkers wat opleiding deur Isibindi-model ontvang | 123 | 102 | 75 | 25 | - | - | - |

## Kwartaallikse ontleding

| Sektorprestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslag doening tydperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 3.6.1.1 | Getal leerling-kinder-en-jeugsorgwerkers wat opleiding deur Isibindi-model ontvang | 3 | Jaarlikse | - | - | - | - | - | N-A |

[17] The Isibindi programme has undergone an evaluation process and the report will be tabled in the 2017/18 financial year. This will determine the way forward.

[18]. Sector indicators not reported on are detailed in Annexure E.

## Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR
## Beraamde uitgawes
## Opsomming van betalings en ramings – Program 3: Kinders en gesinne

| | Uitkomste | | | Hoof begroting | Aangesuiwerde begroting | Hersiene raming | Mediumtermyn raming | | | % Verandering uit hersiene raming |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Subprogram R'000 | Geouditeer 2014/15 | Geouditeer 2015/16 | Geouditeer 2016/17 | 2017/18 | 2017/18 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2017/18 |
| 3.1 Bestuur en ondersteuning | 8 094 | 2 016 | 1 577 | 2 126 | 2 094 | 2 094 | **2 293** | 2 459 | 2 641 | 9.50 |
| 3.2 Sorg en dienste vir gesinne | 43 677 | 43 790 | 44 149 | 46 092 | 45 902 | 45 902 | **47 617** | 53 560 | 58 920 | 3.74 |
| 3.3 Kinderversorging- en beskerming | 167 621 | 174 653 | 184 642 | 190 680 | 192 893 | 192 893 | **207 052** | 246 844 | 263 677 | 7.34 |
| 3.4 VKO- en gedeeltelike sorg | 233 401 | 286 689 | 285 164 | 314 409 | 317 136 | 317 136 | **336 106** | 338 617 | 344 044 | 5.98 |
| 3.5 Kinder-en jeugsorgsentrums | 98 095 | 93 916 | 95 709 | 98 257 | 98 257 | 98 257 | **101 205** | 103 195 | 108 368 | 3.00 |
| **Totalle betalings en ramings** | **550 888** | **601 064** | **611 241** | **651 564** | **656 282** | **656 282** | **694 273** | **744 675** | **777 650** | **5.79** |

## Opsomming van betalings en ramings deur ekonomiese klassifikasie – Program 3: Kinders en gesinne

| | Uitkomste | | | Hooff begroting | Aangesuiwerde begroting | Hersiene raming | Mediumtermyn-raming | | | % Verandering uit hersiene raming |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekonomiese klassifikasie R'000 | Geouditeer 2014/15 | Geouditeer 2015/16 | Geouditeer 2016/17 | 2017/18 | 2017/18 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2017/18 |
| Lopende betalings | 8 092 | 20 128 | 24 649 | 30 161 | 30 633 | 30 633 | **31 992** | 34 352 | 36 873 | 4.44 |
| Vergoeding van werknemers | 7 608 | 19 282 | 23 865 | 29 291 | 29 763 | 29 763 | **31 073** | 33 370 | 35 840 | 4.40 |
| Goods and services | 484 | 846 | 784 | 870 | 870 | 870 | **919** | 982 | 1 033 | 5.63 |
| Oordragte en subsidies aan | 542 794 | 580 934 | 586 587 | 621 400 | 625 640 | 625 640 | **662 273** | 710 314 | 740 768 | 5.86 |
| Departmentele agentskappe en rekeninge | - | - | - | - | - | - | **-** | - | - | - |
| Organisasies sonder winsbejag | 537 466 | 573 317 | 578 866 | 613 711 | 617 951 | 617 951 | **653 847** | 701 969 | 729 964 | 5.81 |
| Huishoudings | 5 328 | 7 617 | 7 721 | 7 689 | 7 689 | 7 689 | **8 426** | 8 345 | 10 804 | 9.59 |
| Betalings vir kapitaalbates | 2 | 2 | 5 | 3 | 9 | 9 | **8** | 9 | 9 | (11.11) |
| Geboue en ander vaste strukture | - | - | - | - | - | - | **-** | - | - | - |
| Masjinerie en toerusting | 2 | 2 | 5 | 3 | 9 | 9 | **8** | 9 | 9 | (11.11) |
| Betalings vir finansiële bates | - | - | - | - | - | - | **-** | - | - | - |
| **Totale ekonomiese klassifikasie** | **550 888** | **601 064** | **611 241** | **651 564** | **656 282** | **656 282** | **694 273** | **744 675** | **777 650** | **5.79** |

## Prestasie en bestedingstendense

Die departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en doelmatigste passing te verseker tussen gemeenskapsbehoeftes sowel as nasionale en provinsiale strategiese prioriteite, waarvan PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog" en PSD 2 "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling" die beduidendste is.

In die loop van hierdie MTUR-tydperk gaan die volgende strategiese besluite 'n impak op die strategiese uitkomste hê:

- Oordrag van fondse na aangewese kinderbeskermingsorganisasies sal inflasiestygings vereis;
- Aanneming en pleegsorg word as ‘n prioriteit in die provinsie beskou. ‘n Goedgekeurde pleegsorgbestuursplan is in plek;
- Werwingsveldtog en ondersteuningsprogram vir veiige ouers en pleegouers;
- Ouerskapsprogramme sal verskraal word en die fokus sal op gesinsbemiddeling wees; en prioritisering van statutêre diense en toenemende implementering van statutêre mandate.

VKO’s:

- Implementering van ‘n nasionale voorwaardelike toelae vir VKO;
- Ondersteuning aan VKO’s ten opsigte van gehoorgewing en registrasie wat deur befondsde OSW’s voorsien word, verminder druk op die kapasiteit van streekdienslewering;
- Behou die huidige basislyn as VKO-registrasies verval maar weer geregistreer het;
- ‘n Spesiale VKO-program vir Engels as taal en kognitiewe ontwikkeling van persele waar skoolgereedheid swak is; en
- Verskraling van niekernsakeprojekte en –aktiwiteite.

Die styging in die hersiene raming van R656.282 miljoen in 2017/18 tot R694.273 miljoen in 2018/19 weens die toename in VKO-toelae en die aangewese toewysings vir geweld teen vroue. The styging in 2019/20 sluit in R21.665 miljoen vir die hofuitspraak van die Nasionale Vereniging van Welsynsorganisasies en Organisasies sonder Winsbejag. Die begrotingstoewysing is daarna tot R777.650 miljoen in 2020/21 verhoog.

## 10.1 Risikobestuur

| Risiko | Versagting van risiko |
|---|---|
| • Vermindering van dekking van statutêre dienste wat deur OSW's gelewer word in die toenemende vraag na die Departement se eie dienste om gapings te dek, gepaardgaande met hoër kosteimplikasies waarvoor nie tans voorsiening gemaak is nie. | • 'n Nasionale Voorwaardelike Toelae vir VKO: R38.89 miljoen vir 2018/19;<br>• Onder-inflasiestygings (+/- 3%);<br>• Vermindering van nie-statutêre dienste (byv. voorkomingsprogramme, opleidingsprogramme.) |
| • Risiko van litigasie indien die departement nalaat om sy statutêre mandate deur OSW-dienste of eie dienste na te kom. | • Verhoogde fokus op statutêre verpligtinge en klem om hierdie dienste tot op die vereiste standaarde te bring; Bevolkingsgroei moet in die Provinsiale Regering se billike deel in ag geen word, aangesien dit alle belangrike diensleweringsdepartemente raak. |
| • Toenemende vraag na eie dienste ten einde algehele diensleweringsdekking te verseker waar gapings deur die OSW-sektor gelaat word;<br>• Vermindering van diensleweringsdekking en gehalte weens:<br>• Vermindering in die lewering van OSW-statutêre dienste;<br>• Vermindering van dienslewering van DMO-dienste;<br>• Onvoldoende dekking van gebiede waar OSW's moes onttrek het.<br>• Groeiende vraag na dienste weens provinsiale bevolkingsgroei en toenemende armoede;<br>• Onvermoë van die Departement om dienste te lewer weens 'n gebrek aan mensehulpbronnekapasiteit. | • Herlei van hulpbronne na die OSW's om beter dekking te bewerkstellig;<br>• Herorganisering van mensehulpbronne om doeltreffendheid te verbeter (geïdentifiseerde behoefte vir ondersteuning van sterk korporatiewe dienste aan maatskaplikewerk operasionele spanne;<br>• Vermindering van die diensstaat oor die MTUR-tydperk weens verhogings laer as die voorgeskrewe persentasieverhogings wat aan die VvW deur Provinsiale Tesourie toegeken is. |
| • Verminderde finansiële buigsaamheid wat tot 'n strenger kontantvloei sal lei wat moontlik kan lei tot:<br>  • Wanbetaling van OSW's en ander kontrakteurs;<br>  • Verhoogde administratiewe las wat met betalingskedules gepaardgaan. | • Om die betalingsproses aan OSW's ooreenkomstig met Provnsiale Tesourie te hersien.<br>• Verbetering van kommunikasie tussen DMO en die OSW-sektor. |
| • Gebrek aan intersektorale samewerking. | • Versterking van die Provinsiale Forum vir Kinders en Gesinne. |
| • Ongeregistreerde fasiliteite skep 'n veiligheidsrisiko vir kinders in gevaar. | • OSW-ondersteuning en fasilitering van die registrasie en herregistrasie van gedeeltelikesorgfasiliteite en VKO-programme. |

# 11 Program 4: Herstellende Dienste

## Doel van die program

Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikemisdaadvoorkoming- en anti-middelmisbruikdienste aan die kwesbaarste mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing.

## Subpprogram 4.1 Bestuur en ondersteuning

## Doel van die subprogram

Lê bepalings neer vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

## Subprogram 4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning

## Doel van subprogram

Ontwikkel en implementeer maatskaplike programme om misdaad te voorkom en verskaf proefdienste wat afgestem is op kinder-, jeug- en volwasse oortreders en slagoffers binne die strafregsplegingproses.

## Programfokus

Hieridie program sal fokus op die volgende:

- Die primêre fokus van hierdie program is om die statutêre verpligtinge wat deur die Wet op Kindergeregtigheid en die Wysigingswet op Proefdienste voorgehou word om ‘n reeks gespesialiseerde proefdienste aan persone (kinders en volwassenes) wat met die gereg bots om gevalle van herhaaldelike oortredings te verminder.
- Voorsien 'n beveiligde residensiële versorgingsprogram deur staats- en uitbestede kinder-en-jeugsorgsentrums wat daarop afgestem is om kinders en jeugdiges wat met die gereg gebots het, te versorg, te ontwikkel en te ondersteun met die oog daarop om suksesvolle herintegrasie met die gemeenskap te verseker en terugvalle te verminder. Die voorafgaande omvat ontwikkeling-, terapeutiese, sport-en-rekreasie- en herintegrasieprogramme sowel as tradisionele sorg.
- Intensifiseer programme wat op die voorkoming van maatskaplike misdaad afgestem is, veral daardie programme wat 'n positiewe maatskaplike omgewing sal skep en behou en wat daartoe sal lei dat daar in hoërisiko-areas werkgemaak word van die verband tussen middelmisbruik, misdaad en geweld. Hierdie programme sal begunstigdes ook met die nodige vaardighede toerus sodat hul weerstand teen risikofaktore verwant aan maatskaplike misdaad verhoog word.
- Voorsien ‘n reeks van herintegrasie-intervensies aan kinders wat met die gereg bots wat gemeenskapsgebaseerde en/of residensiële programme voltooi het om stabiele maatskaplike en gesinsverhoudings te bevorder en hul kans op herhaaldelike oortreding te verminder.
- Kapasiteitsbou met betrekking tot maatskaplikemisdaadvoorkomende wetgewing, beleide, strategieë en programme, met ‘n bepaalde fokus op die doeltreffende implementering van die hersiene norme en standaarde vir afwentelingsprogramme vir kinders;
- Akkreditasie van afwentelingsprogramme en diensverskaffers om nakoming van die Wet op Kindergeregtigheid te verseker; en
- Die bevindings van navorsingsevaluering na die doeltreffendheid van afleidingsprogramme vir kinders wat beplan is vir voltooiing in die volgende boekjaar sal die beplanning oor die MTUR raak.

Doeltreffende lewering van hierdie intervensies sal daartoe bydra dat die aantal kinders en volwassenes wat hulle aan strafregtelike vervolging blootstel, verminder word wat tot meer veerkragtigheid by kinders en volwassenes en hul positiewe ontwikkeling sal bydra.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Verminder terugvalle deur teen Maart 2020 'n doeltreffende proefdiens vir alle kwesbare kinders en volwassenes te lewer. |
| **Doelwitverklaring** | Verlaag die omvang van terugvalle en vatbaarheid vir misdaad teen Maart 2020 vir 22 535 begunstigdes deur psigososiale en statutêre dienste te verskaf aan kinder-, jeugdige en volwasse oortreders en slagoffers van misdaad binne die strafregplegingsproses. |
| **Basislyn** | Getal kinders en volwassenes wat per jaar baat by maatskaplike misdaadondersteuningsdienste: 19 826. |
| **Regverdiging** | Hierdie doelwit stem ooreen met die Wet op Kindergeregtigheid, 2008 (Wet 75 van 2008), die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), die Wet op Proefdienste en die nasionale strategie vir die voorkoming van maatskaplike misdaad en sal daartoe bydra dat minder kinders aan die proses van strafregpleging onderwerp word. |
| **Koppelings** | Sluit aan by die departement se strategiese doelwit 4: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels deur maatskaplike misdaad te verhoed en dienste vir middelmisbruik aan te bied."<br>Sluit aan by nasionale uitkomste: "Bou 'n veiliger land", sowel as "Skep 'n beter Suid-Afrika, 'n beter Afrika en 'n beter wêreld" en nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens".<br>Hierdie program vind ook aansluiting by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling" en PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels."<br>Hierdie departement se program fokus in wese op die voorkoming van maatskaplike misdaad en op statutêre dienste, soos deur die Wet op Kindergeregtigheid en die Wet op Proefdienste bepaal. Derhalwe sal dit daartoe bydra om die aantal kinders en volwassenes wat hulle aan strafregtelike vervolging blootstel, te verminder. Insgelyks beteken dit ook dat kinders en volwassenes meer veerkragtig sal wees en dat daar positief tot hul ontwikkeling bygedra word. |

| 4.2.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens strategiese plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Verminder terugvalle teen 2020 by wyse van 'n doeltreffende proefdiens vir alle kwesbare kinders en volwassenes | Getal kinders en volwassenes wat baat vind by intervensies om terugvalle te verlaag. | 22 335 | 19 983 | 19 274 | 21 355 | 19 826 | 20 950 | 22 335 | 22 660 |

## SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS[19]

| Sektorprestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teiken 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4.2.1.1 | Getal kinders in konflik met die reg wat geassesseer is. | 9 508 | 8 261 | 8 159 | 8 306 | 7 850 | 8 000 | 8 040 |
| 4.2.1.2 | Getal kinders in botsing met die gereg wat na afwentelingsprogramme verwys is. | 3 880 | 3 555 | 3 460 | 3 515 | 3 265 | 3 310 | 3 385 |
| 4.2.1.3 | Aantal kinders in botsing met die gereg wat afwentelingsprogramme voltooi het. | 2 355 | 2 384 | 1 970 | 2 344 | 2 170 | 2 285 | 2 360 |

## Kwartaallikse ontleding

| Sektorprestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagd oeningty dperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens 1st | 2nd | 3rd | 4th | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4.2.1.1 | Getal kinders in konflik met die reg wat geassesseer is. | 3 | Kwartaalliks | 7 850 | 1 960 | 2 020 | 1 990 | 1 880 | A |
| 4.2.1.2 | Getal kinders in botsing met die gereg wat na afwentelingsprogramme verwys is. | 3 | Kwartaalliks | 3 265 | 776 | 873 | 848 | 768 | A |
| 4.2.1.3 | Aantal kinders in botsing met die gereg wat afwentelingsprogramme voltooi het. | 3 | Kwartaalliks | 2 170 | 502 | 568 | 548 | 552 | A |

## PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teiken 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4.2.1.4 | Getal volwassenes in botsing met die gereg wat na afleidingsprogramme verwys is. | 10 255 | 10 895 | 13 017 | 9 860 | 11 640 | 12 875 | 13 160 |
| 4.2.1.5 | Getal volwassenes in botsing met die gereg wat afwentelingsprogramme voltooi het. | 6 891 | 7 568 | 9 147 | 6 393 | 8 052 | 8 229 | 8 450 |
| 4.2.1.6 | Getal kinders wat tot eie en uitbestede KJSS'e ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid gevonnis is. | 197 | 192 | 179 | 160 | 160 | 160 | 160 |
| 4.2.1.7 | Getal kinders in botsing met die gereg wat in eie en uitbestede KJSS'e ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid verhoorafwagtend is. | 1 566 | 1 401 | 1 265 | 1 500 | 1 300 | 1 300 | 1 300 |

[19]Sector indicators not reported on are detailed in Annexure E.

## Kwartaallikse ontleding

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagd oeningty dperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 4.2.1.4 | Getal volwassenes in botsing met die gereg wat na afleidingsprogramme verwys is. | 3 | Kwartaallliks | 11 640 | 2 900 | 2 910 | 2 940 | 2 890 | A |
| 4.2.1.5 | Getal volwassenes in botsing met die gereg wat afwentelingsprogramme voltooi het. | 3 | Kwartaalliks | 8 052 | 2 007 | 2 033 | 2 013 | 1 999 | A |
| 4.2.1.6 | Getal kinders wat tot eie en uitbestede KJSS'e ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid gevonnis is. | 3 | Kwartaalliks | 160 | 115 | 15 | 15 | 15 | A |
| 4.2.1.7 | Getal kinders in botsing met die gereg wat in eie en uitbestede KJSS'e ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid verhoorafwagtend is. | 3 | Kwartaalliks | 1 300 | 520 | 260 | 260 | 260 | A |

## Subprogram 4.3 Slagofferbemagtiging

## Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en dienste om slagoffers van geweld en misdaad, veral vroue en kinders, te ondersteun, te versorg en te bemagtig.

.

## Programfokus

Die slagofferbemagtigingsprogram fokus in wese daarop om dienste te lewer aan volwasse slagoffers van gesinsgeweld, seksuele oortredings en mensehandel.
In die komende boekjaar sal hierdie program fokus op:

- Behoud van befondsing vir bestaande skuilings en opskerping van diensgehalte ter ondersteuning van voldoening aan die tersaaklike norme en standaarde vir skuilings;
- Fasilitering van gemeenskapsuitreikingsaktiwiteite en opvoedkundige programme om die gemeenskap op te voed oor geslagsgeoriënteerde geweld en dienste wat aan slagoffers van misdaad beskikbaar is;
- Implementering van 'n aanbeveling van die loodsprojek wat in 2017 uitgevoer is, om nasorgdienste aan slagoffers wat skuilings verlaat, te lewer;
- Voorsiening van geakkrediteerde vaardigheidsontwikkelingsprogramme vir diegene wat hulle in skuilings bevind;
- Voorsiening van rehabiliterende en voorkomende intervensies vir slagoffers van mensehandel ooreenkomstig die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel;
- Akkreditasie van skuilings wat slagoffers van mensehandel huisves om nakoming ten opsigte van die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel oor die MTUR-tydperk te veseker;
- Versekering van 'n betroubare verwysingstelsel vanaf befondsde skuilings tot die dienste voorsien deur die Khuseleka-model by die Saartjie Baartman-sentrum;
- Uitbreiding en monitering van die terreine wat slagoffers opneem in die VEPOPAR vir opsporingsdoeleindes;
- Verseker gereelde terugvoer oor verwysings wat deur die opdragsentrum vir geslagsgeoriënteerde geweld (GBVCC) ontvang word. Die GBVCC is 'n nasionale 24-uur

inbelsentrum wat deur maatskaplikewerkers bemaan word om slagoffers van geslagsgeoriënteerde geweld te ondersteun;

- Implementering van die slagofferbemagtigingsprogram (SBP) se intersektorale strategie wat daarop neerkom dat plaaslike SBP-forums versterk word sodat sekondêre viktimisering die hoof gebied kan word; en opleiding voorsien word oor die SBP's vir slagoffers vir die SBP-sektor;
- Opskerping van programme se gehalte van diens deur beide departementele en DMO-befondsde OSW-personeel op te lei; en
- Versterking van die nasorgdiens vir slagoffers van seksuele geweld wat beïnvloed sal word deur die bevindings van navorsingevaluering ten opsigte van die lewering van psigososiale ondersteuning .

Om saam te vat, slagoffers van geweld en misdaad, met inbegrip van hul gesinne, is geregtig op toegang tot dienste. Om hieraan gestand te doen, beoog hierdie program om slagofferondersteuningsdienste in landelike sowel as stedelike gebiede in die Wes-Kaap te vestig, uit te brei en te versterk – veral daar waar gemeenskappe in gevaar verkeer.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Alle slagoffers van geweld, veral vroue en kinders, het toegang tot 'n kontinuum van dienste. |
| **Doelwitverklaring** | Dra by tot die bemagtiging van slagoffers van huishoudelike geweld en verlaag die risiko van seksuele en fisiese geweld deur toegang tot 'n kontinuum van dienste te verseker wat teen die jaar geëindig Maart 2020 20 200 slagoffers bereik. |
| **Basislyn** | Getal slagoffers wat toegang verkry tot dienste en programme wat slagofferbemagtiging in die hand werk: 19 200. |
| **Regverdiging** | Slagofferbemagtiging is een van die vernaamste pilare van die nasionale misdaadvoorkomingstrategie wat in 1996 ontwikkel is. Die nasionale aksieplan vir slagofferbemagtiging is in 1998 bekragtig. Dienste wat as 'n teëvoeter vir viktimisering dien, word tans deur 'n wye reeks rolspelers aangebied, waarby regering- en nieregeringsorganisasies ingesluit is. Tans is die dienste wat veral in arm gemeenskappe en landelike gebiede aangebied word, nie op standaard nie. Die onsamehangende en ongekoördineerde benadering tot dienslewering dra by tot sekondêre viktimisering. Die DMO gee die pas aan in hierdie verband en is daarvoor verantwoordelik om die suksesvolle implementering van slagofferbemagtigingsprogramme deur verskeie departemente te koördineer. |
| **Koppelings** | Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels" en nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens". Dit sluit ook aan by die departement se strategiese doelwit 4: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels deur maatskaplike misdaad te verhoed en dienste vir middelmisbruik aan te bied." Hierdie doelwit kan ook verbind word met die nasionale misdaadvoorkomingstrategie en die departement se visie om 'n samelewing te skep wat selfonderhoudend is. |

| 4.3.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens strategiese plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Alle slagoffers van geweld, met 'n spesiale klem op vroue en kinders, het toegang tot 'n kontinuum van dienste. | Getal persone bereik wat toegang tot slagoffer-ondersteuningsdienste het. | 20 200 | 19 879 | 25 330 | 19 962 | 19 200 | 19 800 | 20 200 | 20 500 |

## SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS[20]

| Sektorprestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 4.3.1.1 | Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot slagofferbemagtigingsprogramme via befondsde dienssentrums. | 17 533 | 25 330 | 19 962 | 19 200 | 19 800 | 20 200 | 20 500 |

## Kwartaallikse ontleding

| Sektorprestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagdoeningtydperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 4.3.1.1 | Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot slagofferbemagtigingsprogramme via befondsde dienssentrums. | 3 | Kwartaalliks | 19 800 | 5 300 | 4 850 | 4 750 | 4 900 | A |

## Subprogram 4.4 Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie

### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir middelmisbruik, voorkoming, behandeling en rehabilitasie.

### Programfokus

Hierdie program se vernaamste strategiese prioriteite sal wees om te fokus op bewusmaking, veral rakende fetale alkoholsindroom (FAS), vroeë-intervensieprogramme en dienste wat deur wetgewing gereguleer word sowel as nasorgondersteuningsprogramme wat op 'n geïntegreerde en gekoördineerde wyse bestuur sal word tussen die departemente van onderwys[21] en gesondheid sowel as plaaslike regerings se dwelm-aksiekomitees.

Die program sal steeds fokus op:

- Die registrasie van behandelingsfasiliteite en terapeutiese intervensies om nakoming te verseker van die minimum norme en -standaarde soos voorgeskryf in die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik;
- Om die voorsiening van nagraadse en voorgraadse geakkrediteerde kursusse sowel as toegang tot die webgebaseerde gids vir middelmisbruikhulpbronne te fasiliteer;
- Om groter toegang tot dienste te voorsien onderwyl sorg- en vroeëintervensieprogramme ook uitgebrei sal word;
- 'n Aktiewe uitreikkomponent in alle buitepasiëntprogramme ten einde die retensie van kliënte te verhoog en die getal herhaaldelike gevalle te verlaag;
- Gespesialiseerde dienste vir die behandeling van en kort intervensies vir kinders en adolessente. 'n Residensiële program vir die behandeling van middelmisbruik sal voorsien word by die Lindelani-KJJS vir kinders (seuns en dogters) in die ouderdomsgroep 13-15 en vir seuns in die ouderdomsgroep 16-17 by die De Novo-behandelingsentrum vir middelmisbruik, Kraaifontein. Behandelingsprogramme vir middelmisbruik sal by alle beveiligde kinder-en-jeugsorgsentrums bekendgestel word sowel as by 10 hoë-risiko-skole in die Wes-Kaap. 'n Residensiële behandelingsprogram vir vroue sal verskaf word by 'n uitbestede sentrum te Kensington.

[20] Sector indicators not reported on are detailed in Annexure E.

[21] Mainstreaming drug and alcohol education in the relevant NCS (National Curriculum Standards) Foundation, Intermediary and Grade 11 Life Orientation curriculum modules.

- Voortsetting van die opioïed-substitusieprogram wat in die Mitchells Plain-area bedryf word en wat uit 'n 12-weke- formele behandelingsfase bestaan gevolg deur 'n ses-maande- herintegrasieprogramme waarby voorkoming van terugvalle, beradingsdienste, toetsing, psigo-onderrigdienste sowel as ondersteuningsgroepe ingesluit is.

In ooreenstemming met die Alkohol Skadevermindering Game Changer Lever 3, beoog die Department om:

- 'n Verwysingsweg (SBP) tussen die DvG en die DMO bekend te stel om kliënte van DvG se Brief Motivational Intervention (BMI)-terreine (Khayelitsha, Paarl-OOs, Gugulethu/ Nyanga) aan DMO- en/of DvG-dienste te koppel; en
- 'n Projekplan en 'n voorstel te ontwerp vir die skep van afwentelingsprogramme vir alkohol oortreders deur die DLA-proefspanne

Die bevindinge van die evaluering van binne- en buitepasiëntbehandelingsfasiliteite, wat in 2013 deur die department[22] gelas is, het 'n behoefte aan die verbetering van die meting van prestasie en uitkomste uitgewys deurdat gestandaardiseerde prosedures vir die gebruik van die instrument om behandelingsentrums te meet, ontwikkel moet word.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Verbeter passing tussen die vraag na middelmisbruikdienste vir individue, gesinne en gemeenskappe en die departementele aanbod van dienste en verbeter algehele uitkomste van dienste. |
| **Doelwitverklaring** | Verbeter die passing tussen middelmisbruikdienste vir individue, gesinne en gemeenskappe en die behoefte aan daardie dienste, en verbeter die algehele resultate van behandeling en intervensies ooreenkomstig middelmisbruikwetgewing en die provinsiale middelmisbruikstrategie teen Maart 2020 vir 12 145 begunstigdes. |
| **Basislyn** | Getal kliënte wat toegang tot middelmisbruikdienste verkry: 11 959. |
| **Regverdiging** | Die doelwit sal bydra tot maklike toegang tot dienste en sodoende die impak van middelmisbruik op gesinne verlaag. Versterking van gesinslewe. Dit sal toegang tot behandelingsdienste verhoog en 'n toename in middelmisbruik, veral onder die jeug, verhoed. |
| **Koppelings** | Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Dit sluit ook aan by nasionale uitkomste 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners"; nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel".<br>Sluit aan by die departement se strategiese doelwit 4: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels deur maatskaplike misdaad te verhoed en dienste vir middelmisbruik aan te bied" en stem ooreen met die Witskrif oor die Wes-Kaapse Alkoholverwante Skadeverminderingsbeleid. (Oktober 2017).<br>Ander koppelings: Hierdie doelwit word regstreeks gekoppel aan die Wet op Middelmisbruik. Deur toegang tot middelmisbruikdienste aan individue, gesinne en gemeenskappe te bied, tree die middelmisbruikprogram in vennootskap met al sewe departementele programme, die OSW-sektor, ander staatsdepartemente en plaaslike owerhede. |

[22] A Programme and Process Evaluation of Inpatient and Outpatient Treatment Facilities that are run and/or funded by the Substance Abuse Programme of the Western Cape Department of Social Development.

| 4.4.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens strategiese plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Verbeter passing tussen die vraag na middelmisbruikdienste vir individue, gesinne en gemeenskappe en die departementele aanbod van dienste en verbeter algehele uitkomste van dienste | Getal kliënte wat toegang tot middelmisbruik-dienste verkry | 12 145 | 10 542 | 13 084 | 11 876 | 11 959 | 11 881 | 12 145 | 12 395 |

## SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS[23]

| Sektorprestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 4.4.1.1 | Getal diensgebruikers wat toegang tot binnepasiënt-behandelingsdienste by bevondsde behandelingsentrums verkry het. | 1 350 | 1 303 | 1 164 | 1 325 | 1 351 | 1 355 | 1 355 |
| 4.4.1.2 | Aantal gebruikers wat toegang tot gemeenskapsbaseerde behandelingsentrums verkry het.[24] | Nuwe aanwyser | 2 909 | 3 624 | 3 624 | 3 630 | 3 680 | 3 700 |

## Kwartaallikse ontleding

| Sektorprestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagdoeningtydperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teiken | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 4.4.1.1 | Getal diensgebruikers wat toegang tot binnepasiënt-behandelingsdienste by bevondsde behandelingsentrums verkry het. | 3 | Kwartaalliks | 1 351 | 337 | 337 | 337 | 340 | A |
| 4.4.1.2 | Aantal gebruikers wat toegang tot gemeenskapsbaseerde behandelingsentrums verkry het. | 3 | Kwartaalliks | 3 630 | 907 | 907 | 907 | 909 | A |

## PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 4.4.1.3 | Aantal dwelmvoorkomingsprogramme wat vir jeugdiges (19-35) geïmplementeer is. | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 |
| 4.4.1.4 | Aantal kliënte wat vroeë-intervensiedienste vir middelmisbruik ontvang het. | 6 842 | 8 872 | 7 088 | 7 010 | 6 900 | 7 110 | 7 340 |
| 4.4.1.5 | Aantal kliënte wat nasorg- en herintegrasiedienste vir middelmisbruik ontvang het | 2 510 | 1 983 | 1 961 | 2 495 | 2 549 | 2 616 | 2 758 |

[23] Sector indicators not reported on are detailed in Annexure E.

[24] The Sector indicator name refers to *'outpatient treatment services'; this is* used interchangeably with *'community-based'* treatment services. The service delivered and the means of verification are the same as listed in the Sector Technical Indicator Description table, so this is reported as a Sector indicator.

## Kwartaallikse ontleding

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagdoeningsiklus | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| **4.4.1.3** | Aantal dwelmvoorkomingsprogramme wat vir jeugdiges (19-35) geïmplementeer is. | 3 | Kwartaaliks | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | N-A |
| **4.4.1.4** | Aantal kliënte wat vroeë-intervensiedienste vir middelmisbruik ontvang het | 3 | Kwartaaliks | 6 900 | 1 697 | 1 802 | 1 757 | 1 644 | A |
| **4.4.1.5** | Aantal kliënte wat nasorg- en herintegrasiedienste vir middelmisbruik ontvang het | 3 | Kwartaaliks | 2 549 | 622 | 656 | 651 | 620 | A |

## 11.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR

## Beraamde uitgawes

## Opsomming van betalings en ramings – Program 4: Herstellende Dienste

| Subprogram R'000 | Uitkomste | | | Hoof begroting | Aangesuiwerde begroting | Hersiene raming | Mediumtermyn-raming | | | % Verandering uit hersiene raming |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geouditeer 2014/15 | Geouditeer 2015/16 | Geouditeer 2016/17 | 2017/18 | 2017/18 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2017/18 |
| 4.1 Bestuur en ondersteuning | 5 215 | 3 165 | 3 298 | 3 510 | 3 480 | 3 480 | **3 723** | 4 002 | 4 298 | 6.98 |
| 4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning | 172 148 | 194 506 | 216 141 | 217 117 | 219 667 | 219 993 | **233 923** | 251 802 | 269 770 | 6.33 |
| 4.3 Slagofferbemagtiging | 23 746 | 28 740 | 30 167 | 31 739 | 31 761 | 31 761 | **45 012** | 50 208 | 54 185 | 41.72 |
| 4.4 Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie | 89 596 | 92 574 | 95 006 | 96 320 | 97 971 | 97 645 | **104 039** | 108 673 | 115 710 | 6.55 |
| **Totale betalings en ramings** | **290 705** | **318 985** | **344 612** | **348 686** | **352 879** | **352 879** | **386 697** | **414 685** | **443 963** | **9.58** |

## Opsomming van betalings en ramings deur ekonomiese klassifikasie – Program 4: Herstellende Dienste

| | Uitkomste | | | Hoof begroting | Aangesuiwerde begroting | Hersiene raming | Mediumtermyn-raming | | | % Verandering uit hersiene raming |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekonomimese klassifikasie R'000 | Geouditeer 2014/15 | Geouditeer 2015/16 | Geouditeer 2016/17 | 2017/18 | 2017/18 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2017/18 |
| **Lopene betalings** | 202 663 | 222 098 | 242 737 | 244 130 | 246 337 | 246 073 | 264 622 | 285 098 | 304 516 | 7.54 |
| Vergoeding van werknemers | 105 293 | 123 585 | 136 181 | 152 973 | 151 148 | 150 884 | 164 200 | 176 518 | 190 017 | 8.83 |
| Goedere en dienste | 97 370 | 98 513 | 106 556 | 91 157 | 95 189 | 95 189 | 100 422 | 108 580 | 114 499 | 5.50 |
| **Oordragte en subsidies aan** | 85 519 | 93 976 | 98 518 | 101 411 | 103 526 | 103 790 | 117 823 | 125 097 | 134 711 | 13.52 |
| Departmentele agentskappe en rekeninge | 18 | 20 | 22 | 21 | 21 | 21 | 10 | 23 | 24 | (52.38) |
| Organisasies sonder winsbejag | 84 763 | 93 512 | 97 661 | 100 685 | 101 985 | 101 985 | 117 714 | 124 626 | 134 278 | 15.42 |
| Huishoudings | 738 | 444 | 835 | 705 | 1 784 | 1 784 | 99 | 448 | 409 | (94.45) |
| **Betalings vir kapitaalbates** | 2 523 | 2 911 | 3 357 | 3 145 | 3 016 | 3 016 | 4 252 | 4 490 | 4 736 | 40.98 |
| Geboue en ander vaste strukture | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Masjinerie en toerusting | 2 523 | 2 911 | 3 357 | 3 145 | 3 016 | 3 016 | 4 252 | 4 490 | 4 736 | 40.98 |
| **Betalings vir finansiële bates** | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| **Totale ekonomiese klassifikasie** | **290 705** | **318 985** | **344 612** | **348 686** | **352 879** | **352 879** | **386 697** | **414 685** | **443 963** | **9.58** |

## Prestasie en bestedingstendense

Die departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en doelmatigste passing te verseker tussen gemeenskapsbehoeftes sowel as nasionale en provinsiale strategiese prioriteite, waarvan PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder" en PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling" die mees beduidende is.

In die loop van hierdie MTUR-tydperk gaan die volgende strategiese besluite 'n impak op die strategiese uitkomste hê:

- Opgradering van veilige KJSS-infrastruktuur en instandhouding;
- 'n Bykomende koshuis by die Clanwilliam-KJSS(infrastruktuur);
- Prioritisering van statutêre dienste en toenemende statutêre implementering van statutêre mandate; en
- Afskaling van projekte en aktiwiteite wat nie deel van kernbesigheid is nie.

Die verhoging in die hersiene raming van R352.879 miljoen in 2017/18 tot R386.697 miljoen in 2018/19 weens die bepalings vir die uitbreiding van dienste by fasiliteite en behandelingsentrums. Die begrotingstoewysing is daarna tot R443.963 miljoen in 2020/21 verhoog.

## 11.2 Risikobestuur

| Risiko | Versagting van risiko |
|---|---|
| - Risiko van litigasie indien die departement nalaat om sy statutêre mandate deur OSW-dienste of eie dienste na te kom. | - Verhoogde fokus op statutêre verpligtinge en klem om hierdie dienste tot op die vereiste standaarde te bring; Bevolkingsgroei moet in die Provinsiale Regering se billike deel in ag geen word, aangesien dit alle belangrike diensleweringsdepartmente raak. |
| - Toenemende vraag na eie dienste ten einde algehele diensleweringsdekking te verseker waar gapings deur die OSW-sektor gelaat word;<br>- Vermindering van diensleweringsdekking en gehalte weens:<br>- Vermindering in die lewering van OSW-statutêre dienste;<br>- Vermindering van dienslewering van DMO-dienste;<br>- Onvoldoende dekking van gebiede waar OSW's moes onttrek het.<br>- Groeiende vraag na dienste weens provinsiale bevolkingsgroei en toenemende armoede;<br>- Onvermoë van die Departement om<br>- dienste te lewer weens 'n gebrek aan menslehulpbronnekapasiteit. | - Herlei van hulpbronne na die OSW's om beter dekking te bewerkstellig;<br>- Herorganisering van mensehulpbronne om doeltreffendheid te verbeter (geïdentifiseerde behoefte vir ondersteuning van sterk korporatiewe dienste aan maatskaplikewerk operasionele spanne;<br>- Vermindering van die diensstaat oor die MTUR-tydperk weens verhogings laer as die voorgeskrewe persentasieverhogings wat aan die VvW deur Provinsiale Tesourie toegeken is. |
| - Verminderde finansiële buigsaamheid wat tot 'n strenger kontantvloei sal lei wat moontlik kan lei tot:<br>- Wanbetaling van OSW's en ander kontrakteurs;<br>- Verhoogde administratiewe las wat met betalingskedules gepaardgaan. | - Om die betalingsproses aan OSW's in ooreenstemming met Provnsiale Tesourie te hersien.<br>- Verbetering van kommunikasie tussen DMO en die OSW-sektor. |

## Program 5: Ontwikkeling en Navorsing

## Doel van die program

Voorsien volhoubare ontwikkelingsprogramme wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer, gegrond op empiriese navorsing en demografiese inligting.

## Subprogram 5.1 Bestuur en ondersteuning

## Doel van subprogram

Lê bepalings neer vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

## Subprogram 5.2 Gemeenskapsmobilisering

## Doel van subprogram

Bou veilige en volhoubare gemeenskappe deur sterk gemeenskapsnetwerke te skep, gegrond op die beginsels van vertroue en respek vir plaaslike diversiteit, en koester 'n samehorigheidsgevoel onder en vertroue in plaaslike mense.

Hierdie intervensies word dwarsliggend binne die subprogramme bestuur.

## SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS[25]

## Subprogram 5.3 Institusionele kapasiteitsbou (IKB) en ondersteuning vir OSW's

### Doel van subprogram

Om OSW-registrasie en nakomingsmonitering te ondersteun, met OSW-belanghebbers te skakel en te kommunikeer, institusionele kapasiteitsbou te verskaf, OSW-befondsing en -monitering te bestuur en 'n omgewing te skep waarbinne alle OSW's kan floreer.

### Programfokus

Die OSW-sektor is werksaam binne 'n komplekse omgewing en kom dikwels te staan voor vername uitdagings en ontwikkelingsgerigte hindernisse op die terrein van bestuursbeheer, finansiële bestuur, monitering en evaluering, beplanning en behartiging van bedrywighede sowel as om fondse te werf ten einde hul volhoubaarheid te verseker. Hierdie program sal die departement se pogings om die OSW-sektor te versterk, aanvul wat weer tot verbeterde dienslewering en aanspreeklikheid sal lei.

As 'n antwoord op hierdie uitdagings het die program die volgende vername fokusareas geïdentifiseer:

- Registrasie-ondersteuningsdienste (hulpkantoor);
- Bestuursbeheer en funksionaliteit van OSW's (opleiding);
- Afrigtingsondersteuning (mentorskappe); en
- Die daarstelling van 'n OSW-hulpkantoor en ondersteuningsnetwerke vir OSW's op 'n plaaslike vlak.

Hierdie vername fokusareas sal voortdurend versterk word by wyse van nasorg-ondersteuningsdienste wat deur gemeenskapontwikkelingspraktisyns in die onderskeie streke gefasiliteer sal word.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Kapasiteitsontwikkeling en ondersteuningsdienste vir geïdentifiseerde befondsde OSW's en hulpbehoewende organisasies in die burgerlike samelewing. |
| **Doelwitverklaring** | Om teen Maart 2020 die bestuursbeheervermoëns van 1 170 *(in 'n krisis of in nood)* befondsde OSW's en geïdentifiseerde organisasies in die burgerlike samelewing te versterk. |
| **Basislyn** | Getal OSW's wat dienste vir kapasiteitsversterking en ondersteuning ontvang: 1 173. |
| **Regverdiging** | Hierdie doelwit sal bydra tot verbeterde organisatoriese funksionering en die beoefening van goeie bestuursbeheer en sal OSW's in staat stel om vennootskapsdienste doeltreffend te implementeer. Voorts sal dit die daarstelling van plaaslike OSW-ondersteuningsnetwerke bevorder wat daarop gemik is om bestuursbeheerpraktyke op te skerp, wat tot verbeterde dienslewering aanleiding sal gee. |
| **Koppelings** | Hierdie doelwit vind aansluiting by departementele strategiese doelwit 5: "Skep geleenthede deur gemeenskapontwikkelingsdienste."<br>Dit sluit ook aan by nasionale uitkomste 12: "'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgerigte staatsdiens en bemagtigde, billike en inklusiewe burgerskap" en nasionale uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens". |

[25] Sector indicators not reported on are detailed in Annexure E.

| | |
|---|---|
| | Hierdie program is gekoppel aan PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling" sowel as PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder" die beduidendste is. |

| 5.3.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanswyer vir Strategiese doelwit | Teiken vir strategiese plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| Kapasiteitsontwikkeling vir geïdentifiseerde befondsde OSW's en hulpbehoewende organisasies in die burgerlike samelewing. | Aantal OSW's wat dienste vir kapasiteitsbou en ondersteuning ontvang. | 1 170 | 1 724 | 2 340 | 1 605 | 1 173 | 1 083 | 1 170 | 1 262 |

## SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS[26]

| Sektorpestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 5.3.1.1 | Aantal OSW's gekapasiteer in ooreenstemming met die riglyn vir kapasiteitsbou. | 620 | 1 148 | 712 | 435 | 345 | 360 | 375 |

## Kwartaallikse ontleding

| Sektorprestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagdoeningtydperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 5.3.1.1 | Aantal OSW's gekapasiteer in ooreenstemming met die riglyn vir kapasiteitsbou. | 2, 3 | Kwartaalliks | 345 | 83 | 93 | 86 | 83 | A |

## PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2017/18 | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| 5.3.1.2 | Aantal OSW's met registrasie gehelp. | 1 059 | 1 179 | 881 | 726 | 726 | 798 | 875 |
| 5.3.1.3 | Aantal OSW's wat voor- en na -evaluering aangetoon het dat hul kennis verbeter het nadat hulel ondersteunende opleiding ontvang het. | 45 | 13 | 12 | 12 | 12 | 12 | 12 |
| 5.3.1.4 | Aantal OSW's in gevaar wat mentorskapprograme deurloop het wie hul kennis, stelsels en vermoëns verbeter het. | 45 | 0 | 12 | 12 | 12 | 12 | 12 |

[26] Sector indicators not reported on are detailed in Annexure E..

## Kwartaallikse ontleding

| Provinsiale prestasie-aanwyser | | PSD-SKAKELS | Verslagdoeningtydperk | Jaarlikse teiken 2018/19 | Kwartaallikse teikens | | | | Akkumulatief/Nie-akkamulatief |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1st | 2nd | 3rd | 4th | |
| 5.3.1.2 | Aantal OSW's met registrasie gehelp. | 2, 3 | Kwartaalliks | 726 | 200 | 200 | 200 | 126 | A |
| 5.3.1.3 | Aanral OSW's wat voor- en na -evaluering aangetoon het dat hul kennis verbeter het nadat hulel ondersteunende opleiding ontvang het. | 2, 3 | Jaarliks | 12 | - | - | - | 12 | N-A |
| 5.3.1.4 | Aantal OSW's in gevaar wat mentorskapprograme deurloop het wie hul kennis, stelsels en vermoëns verbeter het. | 2, 3 | Jaarliks | 12 | - | - | - | 12 | N-A |

## Subprogram 5.4 Armoedeverligting en volhoubare lewensmiddele

## Doel van subprogram

Bestuur die programme maatskaplike fasilitering en armoedeverligting vir volhoubare lewensmiddele (met inbegrip van UOWP).

## Programfokus

Die fokusareas vir hierdie program oor die volgende drie jaar is:

- Om tydelike werksgeleenthede en 'n inkomste te verskaf aan werklose mense onderwyl hulle werkplekervaring en geakkrediteerde vaardigheidsopleiding (UOWP-program) gebied word; en
- Om geteikende voeding te verskaf aan diegene wat honger en wanvoeding ervaar en wat buite die departement van gesondheid (DvG) se terapeutiese voedingsprogram val.

Hierdie program het ten doel om deur sy intervensies werk te maak van die uiters kritieke uitdagings verwant aan werkloosheid en armoede.

## STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelwit** | Bevordering van maatskaplike inklusie en armoedeverligting deur voedingsondersteuning te verskaf en UOWP-geleenthede vir die kwesbaarste mense in die provinsie te fasiliteer |
| **Doelwitverklaring** | Bevordering van maatskaplike inklusie en armoedeverligting deur teen Maart 2020 voedingsondersteuning te verskaf en UOWP-geleenthede vir 5 870 van die kwesbaarste mense in die provinsie te fasiliteer. |
| **Basislyn** | Getal individue wat voedselsekuriteit-intervensies ontvang: 6 375. |
| **Regverdiging** | Fasiliteer die implementering van voedselsekuriteit- en maatskaplikewelsynintervensies vir die kwesbaarste individue en huishoudings in die Wes-Kaap. |
